# Droom Groot-veldtog

# Leiersgids en Kurrikulum

deur Diana Scimone, Karen Armistead,
Georgia Ana Larson en Jim Kochenburger

Die Vlieg-Vlinder-Vliegprojek
om kinderhandel te stop

Droom Groot-veldtog Leisersgids en Kurrikulum
© 2013 Born to Fly International, Inc.
deur Diana Scimone, Karen Armistead, Georgia Ana Larson en Jim Kochenburger
Illustrasies © 2010 Leah Wiedemer

Gepubliseer deur Born to Fly International, Inc.
P O Box 664
Fort Mill, South Carolina 29716
USA
info@born2fly.org
www.born2fly.org

ISBN 978-0-9729507-6-3

Vertaal in Afrikaans deur Marie Smit (vilavreugde@gmail.com)
Erkenning aan Anna-Mart Bakkes vir die titel Vlieg-Vlinder-Vlieg

Spesiale dank aan die Born2Fly-toetsspanne in Bulgarye, die Dominikaanse Republiek, die Filippyne, Rusland en Thailand wat hulle belangrike terugvoering met ons gedeel het; en aan dr. Monica Mendez, Ryan Brackett en Kelly Bolton, wat die manuskrip geproeflees en waardevolle insette gelewer het.

Hierdie kurrikulum word opgedra aan die lede van my skryfgroep (Valerie Kosky, Karen Armistead en Deborah Cole), aan die opvoeders, Karen Armistead en Georgia Ana Larson, kunstenaar Leah Wiedemer, ontwerper Cathleen Kwas en die baie ondersteuners van Born to Fly International. Dankie dat julle my gehelp het om my droom te bewaarheid.

- Diana Scimone, president, Die Born2Fly-projek om kinderhandel stop te sit.

# Inhoudsopgawe


| | |
|---|---|
| Belangrike inligting oor fotokopieë, kopiereg en vertaling | 3 |
| ’n Verwelkomings- en dankie sê-brief vanaf Droom Groot-veldtog | 4 |
| Die Droom Groot-veldtog: ’n Vennootskap | 5 |
| Oorsig van die Leiersgids en Kurrikulum | 6 |
| Hoe om nuwe aanbieders te kies en op te lei. | 7 |
| Daar is ’n klein verskil tussen kennis van en angs oor 'n saak | 11 |
| Konsepposters | 12 |
| Posters: Inligting oor Mensehandel | 13 |
| Posters: Inligting oor Mensehandel vir hersiening van sessie 6 | 16 |
| Sessie 1: Keuses het gevolge. | 19 |
| Sessie 2: Ken jou ware vriende. | 20 |
| Sessie 3: Jy is uniek, kosbaar en liefde werd. | 33 |
| Sessie 4: Wees geduldig, werk hard en wag vir die regte tyd. | 39 |
| Sessie 5: Jy is gebore om te vlieg. Moenie met minder tevrede wees nie. | 44 |
| Sessie 6: Neem standpunt in (Tyd vir Toewyding). | 49 |
| Eed van Toewyding | 54 |
| Evalueringsvorm vir aanbieders | 55 |
| Evalueringsvorm vir studente | 58 |
| Aanvullende bronne | 60 |
| Vir meer inligting | 61 |

# Belangrike inligting
# oor fotokopieë, kopiereg en vertaling

Die Droom Groot-veldtog Leiersgids en Kurrikulum se inligting is gratis beskikbaar en jy kan dit aflaai nadat jy aanlyn geregistreer het. Ons vra jou om eers te registreer sodat ons kan weet wie ons inligting gebruik. Gaan na www.born2fly.org waar jy gou kan registreer. Ons sal vir jou ʼn wagwoord stuur sodat jy die kurrikulum en ander inligting kan aflaai. Jy kan dit dan druk en vir jou eie organisasie gebruik. Moet dit asseblief nie met ander organisasies deel nie. Jy kan wel vra dat ʼn persoon van ʼn ander organisasie op ons webblad registreer. Ons sal ook met hulle dan saamwerk.

Ons wil jou aanmoedig om soos jy die Droom Groot-veldtog aanbied, ook jou eie inligting en aktiwiteite soos dit in jou kultuur voorkom, by te voeg. Jy mag egter nie ons inligting, tesame met jou bykomende inligting, publiseer nie. Ons kurrikula word deur internasionale wetgewing beskerm. Ons is egter bereid om ons inligting gratis tot jou beskikking te stel as ʼn deel van ons poging om mensehandel te stop en vra slegs dat ons kopiereg respekteer word, sodat ons kontrole kan hê oor ons materiaal. Baie dankie.

*Die Droom Groot-Leiersgids en - Kurrikulum* is in verskeie tale beskikbaar. As jy dit in ʼn ander taal wil vertaal, kontak ons by info@born2fly.org.

# ʼn Verwelkomings- en dankie sê-brief vanaf die Droom Groot-veldtog

Liewe gemeenskapsleiers en aanbieders

Baie dankie vir julle samewerking om tieners en jong volwassenes in julle gemeenskap teen mensehandel te beskerm. Ons is ook dankbaar vir jul tyd en kennis om hierdie kurrikulum voor te berei om dit aan te bied. Die Droom Groot-veldtog is spesifiek vir tieners en jong volwassenes. Julle bydrae tot hierdie veldtog is baie waardevol! Julle sal baie lewens red deur kinders wat in gevaar verkeer en jongmense in julle gemeenskap te bereik – voor die mensehandelaars dit kan doen.

Ons doel is om julle te help om ʼn sesweeklange gemeenskapsveldtog om mensehandel te stop te organiseer. Dit sal tieners en jong volwassenes inlig omtrent die leuens wat mensehandelaars vertel. Julle sal hulle ook help om hulle daartoe te verbind om nie verhandel te word nie.

Hierdie kurrikulum is ʼn sesweeklange program met eenuurlange sessies, maar julle hoef egter nie hierdie model te gebruik nie. Gebruik wat die beste vir julle in jul situasie sal werk. Organisasies oral in die wêreld het hierdie inligting aangepas en dit gebruik vir programme wat vir 6 dae, 6 maande of selfs net een dag duur. Ons doel is om aan julle die inligting te gee om dit aan te bied, maar ons wil graag hê dat julle so kreatief as moontlik sal wees wanneer julle ons voorstelle by julle gemeenskap se kultuur, behoeftes, die ouderdom en vlak van volwassenheid van julle studente, asook hulle beskikbare tyd toepas.

As julle enige voorstelle het oor hoe om hierdie materiaal te verbeter, sal ons bly wees as julle ons kontak. E-pos ons by info@born2fly.org, of skryf aan Born to Fly International, P O Box 664, Fort Mill. South Carolina 29716, USA.

Onthou: mensehandel sal nie stop voordat mense met waagmoed, soos jy, nie ander mense aanmoedig om as individue en ook as gemeenskappe standpunt in te neem om diegene wat die meeste blootgestel is aan mensehandel, te beskerm. Dankie vir julle moed, tyd, ervaring en toewyding.

Hartlike groete
Die Droom Groot-veldtog

Ns. Ons het ook ʼn antimensehandel-kurrikulum vir jong kinders by name Vlieg-Vlinder-Vlieg. Die inhoud daarvan is sensitief en gepas vir hulle ouderdom. Dit is beskikbaar op ons webwerf en kan gratis afgelaai word.

# Die Droom Groot-veldtog: ŉ vennootskap

Daar is twee baie belangrike dinge om te doen as jy ŉ suksesvolle gemeenskapsveldtog teen mensehandel wil aanpak: (1) identifiseer gepaste hulpbronne om as borge op te tree: sleutelfamilies of bekende gemeenskapsleiers wat die veldtog sal ondersteun en ook daarby betrokke sal wil raak en (2) lei gekwalifiseerde aanbieders op om die klasse vir tieners aan te bied.

Daarna moet daar ŉ gemeenskapstaakspan vir die Droom Groot-projek verkies word. Daar moet ten minste twee beplanningsvergaderings ŉ paar weke voor die aanvang van die eerste Droom Groot-klasse (DGK) gehou word.

Die eerste vergadering is ŉ algemene beplanningsvergadering vir die borge en gemeenskapsleiers. Die tweede vergadering sal vir die ouers en/of voogde van tieners en die jongmense wat die DGK moontlik sal bywoon wees. Jy kan die persone wat die tweede vergadering moet bywoon persoonlik of per brief uitnooi. Jy kan ook posters of strooibiljette in die gemeenskap versprei. Nog ŉ metode is ŉ aankondiging oor die radio, televisie of in ŉ koerant.

Posters, strooibiljette, briewe en media-aankondigings wat aan ouers, voogde of moontlike DGK-deelnemers gerig word, moet die volgende inligting bevat:

- Verduidelik die algemene inhoud van die DGK-klasse.
- Bevestig baie sterk dat die doel van die program is om families te bemagtig om hulle familielede teen mensehandelaars te beskerm.
- Die spesifieke materiaal wat ten opsigte van tieners en jongmense gebruik gaan word, moet vir die ouers en/of voogde tydens hierdie vergadering ter insae wees.
- Verduidelik die gevare van mensehandel en spesifieke inligting omtrent die gevare in jou area.
- Verduidelik hoe die Droom Groot-veldtog sal help om hulle kinders teen mensehandel te vrywaar.
- Noem die borge en die gemeenskapsleiers wat die projek ondersteun.
- Noem ook die venue, tyd en datum vir die vergadering.

## Oorsig van die Leiersgids en Kurrikulum

Elke sessie is ongeveer ŉ uur lank, maar jy kan die tyd aanpas soos dit tot jou beskikking is.

Sessie 1: Keuses het gevolge.
Sessiedoelwit: Wat is ŉ keuse? Wat is ŉ droom? Hoekom is dit belangrik om skool te voltooi? Wat is ŉ gevolg?

Sessie 2: Weet wie jy kan vertrou.
Sessiedoelwit: Hoe weet jy wie jy kan vertrou? Wie is ŉ ware vriend? Watter waarde heg ŉ ware vriend aan jou?

Sessie 3: Jy is uniek, waardevol en liefde werd.
Sessiedoelwit: Hoe weet jy dat jy kosbaar is? Maak foute en slegte keuses jou minder kosbaar? Wat is onvoorwaardelike liefde? Waar is ŉ veilige plek vir jou om geliefd, kosbaar en beskermd te voel?

Sessie 4: Wees geduldig, werk hard en wag vir die regte tyd.
Sessiedoelwit: Wat is geduld en hoekom is dit so moeilik om geduldig te wees? Hoekom is jou drome dit werd om voor te werk en te wag? Wie kan jou help om sterk te wees terwyl jy geduldig is, hard werk en wag vir die regte tyd om jou drome te bewaarheid?

Sessie 5: Jy is gebore om te vlieg. Moenie met minder tevrede wees nie.
Sessiedoelwit: Wat is jou droom om eendag te word of om in jou lewe te bereik? Wat of wie kan tussen jou en jou drome staan? Wie kan jou help om goeie keuses te maak sodat jou drome verwesenlik kan word?

Sessie 6: Neem standpunt in (Toewyding)
Sessiedoelwit: Hersien materiaal en posters sodat jy inligting omtrent mensehandel kan opsom, formele plegtigheid vir Sertifikaat vir Toewyding en armband

**Spesiale nota aan aanbieders oor "Moenie Mensehandel aanmoedig nie!"- bespreking gedurende elke sessie:**

Tieners kan verlok word om deel te hê aan mensehandel as slagoffers, maar ook as kopers en verkopers. Dus is daar in elke sessie ŉ geleentheid vir jou om aan die studente te verduidelik hoe hulle onwetend mensehandel aanmoedig deur hulle keuses, waardes, gesindhede en dade. Ons het hierdie kurrikulum so algemeen as moontlik geskryf aangesien dit regoor die wêreld gebruik word. In die "Moenie Mensehandel aanmoedig nie!"-afdeling sal jy dit by jou kultuur moet aanpas deur spesifieke voorbeelde te gebruik. Jy kan selfs jou studente vra om jou daarmee te help.

# Hoe om aanbieders te kies en op te lei.

As die leier sal jy aanbieders moet oplei om jou te help om die kursus aan te bied. Dit is ŉ vyfpuntproses: uitnodiging, oriëntasie, keuring, opleiding en graduering. Ons beveel aan dat jy een aanbieder gebruik vir elke 7 tieners of jong volwassenes in die program.

**Stap #1: Uitnodiging**

Nooi moontlike aanbieders uit na ŉ oriënteringsessie waar jy hulle vertel van die Droom Groot-veldtog, asook hoe hulle betrokke kan raak. Gebruik liewers hierdie uitnodigingsmetode in plaas van ŉ ope uitnodiging waar enigeen dit kan bywoon.

Wie sal jy uitnooi? Dit is ŉ eer, ŉ geleentheid en ŉ groot verantwoordelikheid om ŉ aanbieder te wees. Wanneer jy dus moontlike aanbieders wil identifiseer, kyk na jongmense wat eerlik, betroubaar, geduldig en vriendelik teenoor tieners en jong volwassenes optree. Hulle moet ook spontaan en entoesiasties wees met ŉ goeie sin vir humor. Ons beveel aan dat jou aanbieders bekwame volwassenes is met goeie ervaring. As jy hierdie program in jou eie kultuur en omstandighede gebruik, moet jy egter daarvolgens aanpas.

Jy sal deur middel van die uitnodigingsproses ŉ standaard daar stel waarvolgens leiers sal verstaan dat om ŉ aanbieder in die DG-program te wees, is ŉ eer, ŉ geleentheid en ŉ groot verantwoordelikheid.

> Liewe ...........
>
> Jy word uitgenooi na ŉ spesiale dag vir ŉ klein groepie leiers in ons gemeenskap. By die geleentheid wil ons jou graag vertel van ŉ opwindende gemeenskaps-veldtog, Droom Groot-veldtog (DGV), wat sal help om kinderhandel te stop.
>
> Na die byeenkoms sal ons leiers kies om ons met die aanbieding van die DGV te help. Gedurende die veldtog sal ŉ DGV-spanleier toesig hou oor die werk en die leiers help as hulle vrae of probleme het.
>
> DGV-leiers sal ŉ geleentheid kry om iets baie belangriks vir die gemeenskap te doen, ons tieners en jong volwassenes te beskerm en om die denke en optrede van mense teenoor mensehandel te verander. As jy daarvan sal hou om meer van hierdie opwindende geleentheid te wete te kom, RSVP asseblief.
>
> > Datum van vergadering:
> > Tyd:
> > Venue:
> > RSVP asseblief voor of op ................
>
> Laat weet my asseblief so gou as moontlik of jy graag hierdie geleentheid, wat net op uitnodiging geskied, sal wil bywoon. Ons sien daarna uit om jou te ontmoet.

Hartlike groete

..........................

**Stap #2: Oriëntering**

Praat gedurende die oriënteringsessie oor die probleem van mensehandel in jou land en gemeenskap. Bespreek hoe die Droom Groot-veldtog sal kan help om kinder- en tienerhandel te beëindig deur hulle in te lig oor die leuens wat mensehandelaars vertel. Verduidelik die volgende:

- Jy gaan ŉ sesweeklange gemeenskapsveldtog reël, waartydens jy tieners en jong volwassenes oplei.
- Jy soek aanbieders om daarmee te help.
- Daar is ŉ proses waarvolgens aansoek gedoen moet word.
- Jy sal aanbieders volgens sekere kriteria kies.
- Aanbieders moet hulle daartoe verbind om die opleidingsprogram sowel as die sesweeklange gemeenskapsveldtog by te woon.
- As hulle meer as twee sessies gedurende die opleidingsprogram misloop, moet hulle weer van vooraf begin. (Hulle kan dan ŉ volgende opleidingsprogram bywoon of jy kan hulle persoonlik oplei, mits jy oortuig is dat hulle nog gemotiveerd is.)
- Hulle moet ook te alle tye hoë morele standaarde handhaaf aangesien hulle met tieners en jong volwassenes werk. Indien hulle dit nie doen nie, sal hulle gevra word om die program te verlaat.

Elke leerder-aanbieder wat by die DGV-program aanvaar word, moet ŉ voltooide aansoekvorm in ŉ lêer hê. Jy moet ook in die geval van ŉ tiener ŉ toelatingsbrief van ŉ ouer of ŉ voog kry, waarin daar toestemming gegee word dat die tiener by so ŉ program betrokke mag wees. Die toelatingsbrief kan eenvoudig wees: Gee ŉ beskrywing van die venue en tye van die program. Maak dit duidelik dat die ouer/voog wat die toelatingsbrief onderteken die omvang van die DGV-program moet verstaan en toestemming gee dat sy tiener daaraan mag deelneem.

Elke moontlike aanbieder moet ŉ aansoekvorm wat jy voorberei het, invul. Gebruik die volgende vrae as riglyne. Voel vry om ander vrae wat by jou kultuur en omstandighede sal pas ook by te voeg.

**Voorbeeld van aansoekvorm as aanbieder**

Naam:
Kontakinligting waar moontlik soos adres en telefoonnommer:
Geboortedatum:
Getal familielede:
Stokperdjies wat jy geniet:
Sportsoorte of spanaktiwiteite wat jy gereeld doen:
Godsdiens- of gemeenskapsgroepe waarvan jy ŉ lid is:

Werkservaring (waar van toepassing):
Vrywillige werkservaring (indien enige):
Onderwyservaring van tieners en/of jong volwassenes (formeel of informeel, indien enige):
Hoe sal jou familie daaroor voel dat jy help om ŉ DGV-groep te lei?

Sluit die oriënteringsessie af deur jou gaste te bedank vir hulle bywoning. Lig almal in omtrent die datum waarop die aanbieders gekies sal word en hoe hulle in kennisgestel sal word.

**Stap #3: Keuring**

Die volgende karaktertrekke moet in ag geneem word wanneer jy jou aanbieders kies:

- toegewydheid
- hoë morele standaarde
- leierskapspotensiaal
- humorsin
- Hulle behoort dit te geniet om tyd saam met tieners en jonger volwassenes deur te bring.
- Hulle moet entoesiasties en onderrigbaar wees.

Kontak diegene wat jy as aanbieders gekies het en stel hulle in kennis wanneer die program in aanvang sal neem. Bemoedig diegene wat nie verkies is nie en maak seker hulle is bewus daarvan dat hulle weer vir ŉ volgende sessie kan aansoek doen.

**Stap #4: Opleiding**

Verduidelik die sesweke-program aan die aanbieders deur die kurrikulum van Droom Groot te gebruik. Hou in gedagte dat die aanbieders nie net leer hoe om die materiaal aan te bied nie, maar ook dit self nog leer. Mentor hulle deur gereeld terugvoering te gee. Gee erkenning aan wat hulle goed doen. Komplimenteer hulle onmiddellik wanneer hulle reg optree. Gee ook opbouende kritiek wanneer hulle goed doen om hulle sodoende te motiveer. Dit mag ook nodig wees dat jy spesiale tye, buiten die opleidingstye, aan jou leerder-aanbieders bestee soos byvoorbeeld spesiale uitstappies en groepsaktiwiteite met die doel om sodoende spangees te bou. Benadruk weekliks die belangrikheid daarvan dat die aanbieders ook, afgesien van die vasgestelde opleidingstye, bymekaar moet kom. Die doel daarvan is om ondersoek in te stel na mensehandel en dan sodoende hulle te motiveer om ŉ groep te vorm wat voortaan mensehandel in hulle area sal beveg.

Hierdie leerplan bevat onderwerpe wat emosioneelgesproke baie moeilik is. Daarom moet die aanbieders ook voorbereid wees indien studente tydens die onderrigtyd getraumatiseer word. Jy sal jong "survivors" in jou klas hê, want een uit elke drie vroue is ŉ "survivor" van seksuele, fisiese of emosionele mishandeling. Bespreek vooraf met jou aanbieders wat hulle te doen staan indien van die studente sodanig op die onderrigmateriaal reageer. Dit is ook belangrik dat die aanbieders daarvan bewus is dat sommige inhoud moeilik sal lees en diep emosionele reaksies kan veroorsaak, veral as die aanbieder vanuit ŉ familie kom wat blootgestel was aan maatskaplike mishandeling of ŉ familie wat “survivors” is. Verduidelik aan die aanbieders sowel

as aan die jongmense dat hierdie reaksies bestaan, sodat hulle nie aan ŉ herhaling van traumatisering gedurende die opleidingsessies blootgestel word nie.

**Stap #5: Sertifikaatplegtigheid**

Daar moet ŉ sertifikaatplegtigheid aan die einde van die opleidingstydperk vir die aanbieders aangebied word. Betrek soveel mense van die gemeenskap as moontlik: vriende, familie, tieners en jong volwassenes wat die klasse tydens die DG-gemeenskapsveldtog sal bywoon, plaaslike leiers, en ander. Maak dit ŉ baie spesiale en belangrike aand, want dit sal entoesiasme vir die sesweke-veldtog wek.

By die plegtigheid moet elke aanbieder ŉ sertifikaat ontvang en ook iets om as kenteken te dra soos ŉ wapen, ŉ serp, ŉ hemp, ŉ speld, ens. Dit sal publisiteit aan die gemeenskapsveldtog gee.

Gedurende die sesweke-veldtog moet jy gereeld vergaderings met jou aanbieders hou. Jy kan ook steeds jou gereelde pret-uitstappies met jou leerder-aanbieders onderneem wat vir jou meer tyd sal gee om hulle te mentor.

Vra asseblief aan die einde van die program vir alle aanbieders en studente om evalueringsvorms in te vul. Dit sal van groot hulp wees om te bepaal wat werk en wat nie werk nie, hoe die jongmense op die aanbiedings reageer, waaroor gepraat word, ens. Die vorms kan aan die einde van hierdie dokument gevind word en ook by www.born2fly.org. E-pos die vorms asseblief aan info@born2fly.org, sodat ons die program in die toekoms kan verbeter. Indien jy baie studente het, kan jy al die antwoorde op een vorm kombineer en dit dan aan ons stuur.

## Klein verskil tussen kennis van en angs oor ŉ saak

As aanbieder wil jy graag hê dat jou studente bewus moet wees van die gevaar van mensehandel, maar jy wil darem ook nie hê dat hulle in angs moet verkeer nie. Daar is weinig verskil tussen die twee en jy sal jou studente moet dophou terwyl jy onderrig gee om agter te kom wat hulle dink en voel. Tieners en jong volwassenes steek hulle gevoelens makliker weg as wat jong kinders dit sal doen. Hier is ŉ paar idees wat jou sal help om nie angs by jou studente aan te wakker terwyl jy hulle omtrent mensehandel onderrig nie:

As studente duidelike tekens van angs toon, praat met hulle daaroor. Jy kan individueel of in ŉ groep met hulle praat. Dit hang alles af waarmee hulle gemaklik is. Skep ŉ veilige plek waar tieners en jong volwassenes gemaklik sal voel om oor hulle vrese te praat. Hou ŉ dinkskrum en praat oor watter spesifieke gedagtes hulle bang maak. Skryf elke vrees neer en sê dat jy dit met hulle sal bespreek om ŉ plan uit te werk wat hulle kan gebruik om veilig te voel. Praat oor elke angsgevoel en vra voorstelle van hulle kant af wat sal help om hulle nie bang te laat voel nie. Die mentor-metode (“buddy system”) kan hier gebruik word: Dit beteken dat hulle altyd ŉ volwassene moet vertel waarheen hulle gaan. Hulle moenie saam met mense wat hulle nie ken nie of nie hulself as ware vriende bewys het nie, iewers gaan nie. Dit sal ook help om altyd ŉ veiligheidsfluitjie of ŉ selfoon, ens. saam te dra. Jou antwoorde sal van jou spesifieke omstandighede, die studente se ouderdomme en baie ander behoeftes wat net jy kan vasstel, afhang.

Wanneer jy ŉ gevaar moet identifiseer of daarteen waarsku, gebruik altyd ŉ positiewe teenvoeter soos “Ek is so bly dat ek jou aanbieder is en jou hierdeur kan help.” Op die vakgebied van berading en probleem-oplossing word dit die “realititeitsterapie” genoem. Die voorwerpe, persone en omstandighede wat angs veroorsaak, is werklik en nie denkbeeldig nie. Die antwoorde wat jy verskaf, moet dus ook werklik wees en moet ŉ omgewing van veiligheid, gesondheid en vryheid skep. Dit is die rede hoekom die Droom Groot-antimensehandelprogram spesifieke gedrag onderrig (soos om goeie keuses te maak, verseker weet vir wie hulle kan vertrou, ens.) sodat hulle teen mensehandel beskerm kan word.

# Konsepposters
(Sessies 1-6)

Maak posters soos in die kurrikulum aangedui om tydens jou opsomming sowel as die hersiening van elke sessie te gebruik. Gebruik ŉ aanplakbord of enige groot papier. Skryf die ooreenstemmende inhoud van elke sessie soos hieronder aangedui op die voorkant; op die agterkant skryf jy die hersieningsvrae. As jy baie min tyd het, kan jy hierdie posters in plaas van die volle kurrikulum gebruik as jy die lesse aanbied.

Sessie 1: Keuses het gevolge.

- Wat is keuses? Wat is gevolge?
- Hoe kan hierdie kennis jou veilig hou en bewaar teen verhandeling?

Sessie 2: Weet wie jy kan vertrou.

- Hoe kan hierdie kennis jou veilig hou en bewaar teen verhandeling?
- Kan jy aan iemand wat jy ken, dink wat moontlik nie ŉ ware vriend sal wees nie? Hoekom dink jy so?
- Wat is onvoorwaardelike liefde? Hoe betoon vriende dit?

Sessie 3: Jy is uniek, waardevol en liefde werd.

- Wat beteken dit om uniek te wees? En waardevol?
- Wat is die waardevolste – jy of ŉ paar skoene? Jy of ŉ selfoon?
- Hoe kan die feit dat jy weet jy is waardevol jou teen mensehandel beskerm?

Sessie 4: Wees geduldig, werk hard en wag vir die regte tyd.

- Wat behels die droom waarop jy wag?
- Hoe ongeduldig is jy as dit by jou droom kom?
- Vir watter droom sal jy baie hard werk?

Sessie 5: Jy is gebore om te vlieg. Moenie met minder tevrede wees nie.

- Wat beteken dit "om te vlieg"?
- Wat is jou droom? Op watter manier is jy met minder tevrede?
- Wat is jou droom?
- Watter goeie keuses kan jy maak om jou droom na te volg?

# Posters: Inligting oor Mensehandel

Gedurende sessie 1 sal studente posters maak om in die mensehandelinligting-afdeling van elke sessie te gebruik. Stal hierdie posters gedurende die kursus in die klaskamer uit. Jy kan dit ook in die gemeenskap en tydens die toewydingseremonie van sessie 6 uitstal.

**Poster #1**

**Wat is mensehandel?**

- Gedwonge slawerny van kinders of volwassenes
- Om iemand te dwing om iets teen sy wil te doen
- Dit kan slawe-arbeid of seks-slawerny behels.
- Slawe is nie vry nie en kan nooit vry wees nie tensy iemand hulle red.
- In baie dele van die wêreld is kinders so jonk soos vier jaar slawe.
- Jy kan bewaar word teen mensehandel indien jy die materiaal van die Droom Groot-veldtog leer.

**Hoe lyk die lewe van ’n slaaf?**

- Seksslawe kan 20-40 kliënte per nag hê.
- Hulle word geslaan, mishandel en weggehou van hulle vriende en familie.
- Hulle kry nie genoeg kos nie en het min, indien enige, besittings.
- Hulle kan gedwing word om verdowingsmiddels te gebruik.
- Hulle kan nooit die plek verlaat nie, feitlik nooit ontvlug nie en word gebreinspoel deur hulle ontvoerders.
- Hulle het geen of baie min geld.
- Hulle kan jonk sterf as gevolg van ’n siekte of mishandeling.

**Poster #2**

Wat jy kan doen indien jy verhandel of ontvoer word:

- Baklei
- Moenie hoop opgee nie.
- Probeer 'n uitweg vind.
- Probeer iemand te vind wat jy kan vertrou om mee te praat.

**Wat jy kan doen as jy voel jy verkeer in gevaar:**

- Vertel jou ouers /voogde
- Vertel ’n veilige volwassene of jou onderwyser, indien jy nie jou ouers/voogde kan vertel nie
- Gebruik die volgende kontak-inligting om hulp en inligting te kry, indien jy nie ’n veilige volwassene kan vind nie: 0800222777 (Suid-Afrika)

**Poster #3**

Hoe lyk mensehandelaars?

- Mensehandelaars lyk soos ’n gewone persoon.
- Hulle vertel jou nie dat hulle jou gaan gevange neem of seermaak nie.
- Hulle kan van enige ouderdom wees.

- Hulle kan iemand wees wat jy reeds ken – selfs ’n familielid.
- Hulle kan iemand wees saam met wie jy skoolgaan – ’n medestudent.

Wat is die verskil tussen ’n mensehandelaar en ’n ware vriend?
- ’n Vriend jok nooit vir jou nie, of maak nie beloftes wat hy nie kan hou nie.
- ’n Vriend dra altyd jou belange op sy hart, nooit sy eie nie.
- ’n Vriend is iemand wat jy met jou lewe kan vertrou.
- ’n Vriend het bewys jy kan hom met dade en woorde vertrou.

Watter leuens vertel mensehandelaars?
- “Ek kan jou help om ’n werk as ’n kelnerin, ’n model of ’n kinderoppasser te kry.”
- “Ek het geld om vir jou opvoeding in die stad te betaal.”
- “Ek kan jou help om ’n visum na ’n ander land te kry.”
- “Jy sal jou familie help deur na my te luister.”
- “Ek het baie geld en wil daarvan vir jou gee.”
- “Die geld wat jy verdien, sal na jou familie gaan.”
- “Jou vriende het geld en mooi besittings; hoekom mag jy dit nie ook hê nie?”
- “Jy help my en ek help jou. Jy kan my vertrou.”
- “Ek is regtig lief vir jou.”

**Poster #4**

Wat is die spesifieke maniere waarop ’n persoon verhandel kan word of gedwing word om ’n slaaf te word?
- Hy/Sy glo die leuens wat iemand anders vertel.
- Hy/Sy dink dat die uitdrukking “as iets te goed klink om waar te wees, dan is dit” is nie waar nie.
- Hy/Sy stel nie ondersoek in na die aanbiedinge en eise of dit eg is nie.
- Hy/Sy glo dit is sy/haar plig teenoor sy/haar familie.
- Hy/Sy glo daar is geen ander lewe vir hom/haar nie.

Hoe tree mensehandelaars op?
- Mensehandelaars trek voordeel uit jou.
- Hulle vertel leuens wat dit moeilik maak om dit nie te glo nie.
- Hulle tree op as jou vriend.
- Hulle probeer jou dwing om goed, wat jy nie wil doen nie, te doen.
- Hulle dwing jou om ongeduldig te raak dat jou drome bewaarheid moet word en nie te wag vir die regte tyd nie.

Wat beteken dit om veilig te leef?
- Jy is vry van fisiese gevaar.
- Niemand kan jou met dreigemente bangmaak nie.
- Jy is in staat daartoe om skool by te woon.
- Niemand kan jou fisies, emosioneel, of seksueel seermaak nie. Vryheid beteken nie dat jy enigiets wat jy wil, kan doen nie; daar is veiligheidsreëls wat jy moet volg en veilige volwassenes wat jou kan help deur leiding te gee en jou vriend te wees.

**Poster #5**

Tekens wat toon dat ŉ persoon verhandel is:

- Lang tye van afwesigheid van skool wat nie verduidelik kan word nie
- Ongereelde skoolbywoning
- Gereelde pogings om van die huis weg te loop
- Gereelde vertellings van reise na ander stede
- Kneusplekke en snye
- Tatoes wat "branding" of "eienaarskap" deur verhandelaars aandui
- ŉ Persoon is hartseer en bang.
- Hy/Sy is honger en nie volgens die weersomstandighede of omgewing aangetrek nie.
- Toon tekens van dwelm- en alkoholverslawing
- Skielike verandering in die manier van aantrek, gedrag of materiële besittings
- Baie praatjies oor seks en het meer kennis oor seks as ander kinders van dieselfde ouderdom
- ŉ "Kêrel" het wat baie ouer is (tien jaar of ouer)
- Word vergesel deur ŉ toesighoudende persoon of baas en kan nie vir hom-/haarself praat nie
- Nie persoonlike beheer oor daaglikse program, geld, identiteitsdokument of reisdokumente nie
- Word van en na werksplek vervoer of woon en werk in dieselfde plek
- Geld verskuldig aan werkgewer maak dit onmoontlik om van werk te verander
- Wanvoeding, dehidrasie of swak persoonlike higiëne
- Onbehandelde siektes of kwale

# Posters: Inligting oor Mensehandel vir hersiening van sessie 6

Slaan die antwoorde na in die oorpronklike posters.

**Hersiening poster #1**

Wat is mense-_______________?

- Gedwonge __________ van _____________ of volwassenes
- Om iemand te dwing om iets teen sy _________ te doen
- Dit kan __________ arbeid of ____________ slawerny behels.
- Slawe is nie __________ en kan nooit ___________ wees, tensy iemand hulle bevry.
- Kinders so jonk as _______ jaar is slawe in baie dele van die __________.
- Jy kan gevrywaar word van ____________ indien jy die Droom Groot-veldtog se materiaal leer.

Hoe lyk die lewe van ŉ slaaf?

- Seksslawe kan _______ - __________ kliënte per ______ hê.
- Hulle word geslaan, ____________ en weggehou van hulle vriende en familie.
- Hulle kry nie genoeg om te _________ nie en het min, indien enige ________.
- Hulle kan gedwing word om _____________ te neem.
- Hulle kan nooit weggaan nie, kan skaars __________ en word ___________ deur hulle ontvoerders.
- Hulle maak min of geen __________.
- Hulle kan vroeg sterf van ______________ of ___________.

**Hersiening poster #2**

Wat moet jy doen as jy verhandel of ontvoer word?

- ___________________________
- Moenie _____________________
- Kry ŉ ______________________
- Kry iemand wat jy kan vertrou om ______________.

Wat jy kan doen as jy voel jy is in gevaar:

- Vertel jou _________________.
- Indien jy nie jou ouers/voogde kan vertel nie, vertel dan vir ŉ _________ of jou onderwyser.
- As jy nie ŉ ____________ kan vind nie, gebruik die volgende kontakinligting om hulp te verkry: 0800222777 (Suid-Afrika)

**Hersiening poster #3**

Hoe lyk ______________?

- Mensehandelaars kan soos _______________ lyk.

- Hulle vertel nie vir jou dat hulle jou wil ____________ of ___________ nie.
- Hulle kan van enige ________ wees.
- Hulle kan iemand wees wat jy reeds _________.
- Hulle kan ook iemand wees na wie toe jy ______________ gegaan het met ŉ ander ___________.

Hoe kan jy weet hoe verskil ŉ ___________ van ŉ ________________?
- ŉ Vriend ____________ nie vir jou nie en maak ook nie _______ wat hulle nie kan nakom nie.
- ŉ Vriend wil altyd die __________ vir jou hê, nie wat net tot sy voordeel sal strek nie nie.
- ŉ Vriend is iemand wat jy met _____ kan vertrou.
- ŉ Vriend het bewys jy kan hom/haar vertrou deur sy/haar _________; nie net deur sy/haar __________nie.

Wat is die _______________ wat mensehandelaars vertel?
- "Ek kan jou help om 'n werk as ŉ _________, __________ of ŉ _________ te kry."
- "Ek het geld om jou in die stad te _______________."
- "Ek kan jou help om ŉ _________ vir ŉ ander ________ te kry."
- "Jy sal jou ___________ help deur by my te ___________."
- "Ek het baie ________________ en ek wil daarvan vir jou gee."
- "Die ___________ wat jy verdien, sal na jou _________ gaan."
- "Jou vriend het _________ en __________; hoekom nie jy ook nie?"
- "Jy help my en ek __________ jou. Jy kan my __________."
- "Ek _______ jou _______."

**Hersiening poster #4**

Watter spesifieke maniere is daar vir ŉ jong persoon om _____________ te word of in _____ gedwing te word?
- Glo die __________ wat ŉ ander persoon jou vertel.
- Erken nie dat as _____________ te _______ is om waar te wees, dan is dit moontlik so.
- Jy ondersoek nie ___________ om te bewys dat dit die _____________ is nie.

Watter _______ of ___________ maak dit maklik vir ŉ persoon om ŉ slaaf te word?
- Hulle maak swak _________________.
- Hulle glo die ____________ wat die mensehandelaars ___________.
- Hulle glo dat die mensehandelaars hulle ____________is.
- Hulle wil ______ wat die mensehandelaars sê.
- Hulle is te ______________, dat hulle drome bewaarheid word, en is nie bereid om vir die regte ________ te wag dat dit gebeur nie.

Wat beteken dit om in ____________te leef?
- Jy sal nie _________ seergemaak word nie..

- Niemand sal jou ________ nie.
- Jy sal kan ___________.
- Niemand sal jou seermaak nie; nie_______, ___________of ___________nie.

Vryheid beteken nie dat jy ___________wat jy wil, kan doen nie; daar is veiligheids-_____________wat jy moet volg, en veilige volwassenes wat jou kan rigting aanwys, ______________ en jou vriend word.

**Hersiening poster #5**

__________ dat ŉ persoon reeds verhandel is:

- Hy/sy is vir ŉ tydperk _________van __________ en kan dit nie verduidelik nie.
- Hy/sy kan nie _______ gereeld __________ bywoon nie.
- Hy/sy ________ gereeld _______ van die huis.
- Hy/sy verwys gereeld na _______ na ander _______.
- _____________ of snye
- Hy/sy het ____________wat ŉ ___________ of "______________" deur mensehandelaars aandui.
- Hy/sy is hartseer of _________.
- Hy/sy is _________ en nie reg _________ vir die weersomstandighede of omgewing nie.
- Hy/sy toon tekens van _________- of __________verslawing.
- Hy/sy toon ŉ skielike _________ in kleredrag, ___________ of ________ besittings.
- Hy/sy praat baie oor ______ en het meer ________ oor seks as ander kinders van dieselfde ouderdom.
- Sy het ŉ "_________" wat heelwat ________as sy is. (10 jaar en ouer)
- Hy/sy word vergesel deur ŉ persoon wat hom/haar ________, en hy/sy kan nie vir homself, of haarself praat nie.
- Hy/sy het nie self beheer oor sy/haar persoonlike__________, geld, ________ of reisdokumente nie.
- Hy/sy word van of na _________vervoer, of woon en werk in _________ plek.
- _______ aan ŉ werkgewer maak dit onmoontlik vir die persoon om van ______ te verander.
- Wanvoeding, ________ of swak persoonlik _________.
- ______________ siektes of kwale.

# Sessie 1: Keuses het gevolge.

**Sessiedoelwitte:** Wat is ŉ keuse? Wat is ŉ droom? Hoekom is dit belangrik om jou skoolloopbaan te voltooi? Wat is ŉ gevolg?

**Voorrade en lys van benodigdhede:** Leiersgids, Inligting omtrent Mensehandel, konsepposter **v**ir sessie 1, viltpenne, aanplakbord of groot velle papier, papier, penne of potlode, gebottelde water of ŉ glas met water, joernale vir die student

**Voorbereiding:** Plaas ŉ bottel of ŉ glas met water waar jy dit maklik kan bykom, maar tog buite die bereik van die student is. Kies die vrae wat volgens jou mening die beste by hierdie spesifieke klas sal pas; jy hoef nie al die vrae te vra nie.

**Leer mekaar ken**
Stel jouself bekend en groet al die lede van die deelnemersgroep. Laat elkeen hom- of haarself voorstel. Jy kan hulle ook voorstel. Laat die studente in ŉ kring op banke, stoele, of op die vloer sit – wat ook al gepas is in jou kultuur. Vra die studente wat hulle weet, of wat hulle dink hulle van mensehandel weet. Dit stel hulle maklik aan die onderwerp bekend en hulle weet dan ook waaroor gepraat gaan word. Dit sal vir jou ook ŉ idee gee wat die studente weet en watter ervaring hulle reeds oor die onderwerp het. Dit is ook ŉ manier om jou gehoor te leer ken en terselfdertyd die gehoor gemaklik te laat raak met die onderwerp.

**Mensehandel: ŉ Werklikeslagofferstorie**

**Let wel:** Die volgende storie is ŉ ware storie en dit mag moeilik wees vir die studente om daarna te luister, veral as een van hulle reeds mishandel is – en dit mag moeilik vir jou wees om dit te lees. Voordat jy dit vir die klas aanbied, lees asseblief die aantekeninge onder "Hoe om aanbieders te kies en op te lei", stap 4, snellers en trauma. Maak asseblief seker dat jy dit met die program-administrateurs bespreek het, sodat jy studente en aanbieders kan help.

**Lees:** Kim staan aan die binnekant van die venster – die eenrigtingvenster wat haar Bangkok-kopers toelaat het om toe te kyk, terwyl sy met die ander meisies, die ander handelsware, speel. Kim, vyf jaar oud, is nie die jongste kind in die klam vertrek nie. Dié eer kom die nuwe klein dogtertjie toe wat net daardie oggend ingebring is – ŉ vierjaaroue dogtertjie wat in die hoek sit en huil. Kim kyk wesenloos na haar, wetende dat dit nie lank sal wees voordat alle fut uit haar sal wees nie. Na drie of vier nagte waartydens dertig of veertig kliënte haar klein liggaampie verkrag en gepynig het, neem dit nie lank om agter te kom dat die enigste manier wat daar is om die marteling te oorleef, is om te maak of dit nie gebeur het nie – dit verstandelik en emosioneel te blokkeer. Om die glimlag vasgeplak op jou gesig te hou asof dit alles was wat jy moontlik in jou vyfjaaroue lewetjie wou hê: die glimlag wat die kopers gelukkig hou en die sigaretbrand en slae van Mama. Die dwelmmiddels help. Nag na nag hou die dwelmmiddels die pyn weg en die glimlag op haar gesig. En dit hou haar aan die lewe vir nog ŉ dag. Sy is nie seker waarvoor nie.

Kim kan skaars onthou hoe sy hier beland het. Agter in die wasige hoeke van haar dwelmdeurdrenkte brein kan sy onthou waar sy by haar familie in haar dorp gewees het. Sy

onthou dat daar ŉ welgeklede vrou in hulle dorpie aangekom het. Niemand het nog ooit sulke klere gesien nie en wie sou nie iemand met daardie voorkoms glo nie? Tannie Su het baie geld gehad en het dit mildelik uitgedeel en gesê dat daar nog geld was waar dié vandaan kom – geld om klein dogtertjies in die groot stad te laat skoolgaan. ŉ Goedhartige skenker finansier dit. Teken net hier, het sy gesê, en julle dogters sal die opvoeding kry wat julle nooit gehad het nie.

Sommige moeders het geweier om hierdie stories te glo, maar ander, soos Kim se ma, het ŉ groot X op die dokument gemaak, want hulle kon nie lees of skryf nie. Hulle het toe vir hulle klein dogtertjies totsiens gesê en gedink hulle stuur hulle na ŉ lewe waaraan hulle slegs kon dink. ŉ Opvoeding. ŉ Goeie werk. ŉ Wonderlike huwelik.

Kim weet dit was alles leuens. Elke nag het die vrou gesê dat sy haar nuwe Mama is en vir haar gesê dat sy ŉ goeie dogtertjie is omdat sy so baie geld verdien wat na haar dorpie gestuur is. Maar Kim het geweet dat haar familie nie ŉ sent van daardie geld sien nie. Die geld het na Mama se sak gegaan en vir haar nuwe klere... en meer meisies gekoop. Die ry van meisies wat hiervoor voorsiening gemaak het, het nooit opgehou nie; selfs toe sommige meisies dood is van die trauma wat hulle lyfies moes deurmaak of van die ouer meisies dood is van die gedwonge aborsies. Daar was altyd nog meisies wat aangekom het. En meer meisies het op die vensterbanke gesit, wagtend vir die afskuwelikhede om weer te begin.

(Bron: *Audacious* deur Diana Scimone, gebruik met toestemming)

- Wat is jou eerste reaksie op Kim se storie?
- Watter verkeerde keuses het Kim se mamma gemaak?
- Wat was die gevolge van haar verkeerde keuses vir Kim?
- Het jy ŉ jonger broer of suster vir wie jy verantwoordelik is? Indien wel, hoe doen jy dit?
- Hoe sal jy voel as ŉ keuse wat jy gemaak het daartoe lei dat jou kind of jonger broer of suster as slaaf verkoop of verhandel word?

**Sê:** In Droom Groot gaan ons praat oor mensehandel en slawerny. Hierdie kursus sal jou bewus maak van mensehandel, menslike slawerny, en hoe mensehandelaars te werk gaan – dinge wat jy moet weet om veilig teen verhandeling te wees. Jy sal ook toegerus word om ander, insluitend jou jonger broers en susters, te beveilig. Die eerste ding wat jy moet leer is die belangrikheid van die keuses wat jy maak en dat dit nie net vir jou nie, maar ook jou broers en susters sal beïnvloed.

**Aktiwiteit:** Waterbottel
Plaas die waterbottel so dat al die studente dit sal kan sien.

**Sê:** Wanneer jy die woord *keuse* hoor, wat is die eerste ding waaraan jy kan dink? (Laat ŉ paar antwoorde toe.) Ek gaan hierdie waterbottel gebruik om jou te leer omtrent keuses en gevolge. Ek het ŉ keuse wat ek met hierdie waterbottel kan doen. En elke keuse wat ek maak, lei tot ŉ gevolg. Byvoorbeeld, as ek besluit om al die water self te drink, wat is die gevolg vir my? (Ek is nie meer dors nie.) Wat is die gevolg vir jou? (Jy sal dors bly.) As ek kies om die waterbottel vir jou te gee en jy drink dit alles op, wat is die gevolg vir jou? (Jy sal nie meer dors wees nie.) Wat

is die gevolg vir my? (Ek sal dors bly.) As ek kies om die water met jou te deel en ek ook self te drink, wat is die gevolg vir ons albei? (Nie een van ons sal meer dors wees nie.) Alle keuses wat ons maak, sal gevolge hê vir onsself maar ook vir ander.

**Hersiening**
**Sê: Wat is ’n keuse?** (Laat ’n paar antwoorde toe.) Die woord “keuse” beteken om een ding uit baie te kies soos om watter hemp of rok te dra. Sommige keuses is baie belangrik, soos om te kies om gaaf of gemeen, of om eerlik of oneerlik te wees. Wanneer ons keuses onsself of ander seermaak, is dit nie goeie keuses nie. Wanneer ons keuses goeie dinge vir ons of vir ander bring, dan is dit goed. Elke keuse wat ons maak, lei tot goeie of slegte gevolge.

**Bespreek die volgende vrae:**

- Gee ’n paar voorbeelde van goeie keuses. (om eerlik te wees, om liefdevol te wees, om ander teen seerkry te beskerm, ens.) Hoekom is hierdie goeie keuses? Hoe bring dit goeie dinge vir ons? Bring dit ook goeie dinge vir ander?
- Gee voorbeelde van swak keuses. (om te lieg, om te steel, om gemeen te wees, nie ander te beskerm nie al kan jy, om slegte dinge aan ander te doen, ens.) Hoekom is hierdie slegte keuses? Bring dit vir ander mense skade mee?
- Watter keuse oefen jy uit wanneer ’n mensehandelaar sê jy sal seerkry indien jy nie doen wat hulle sê nie?

**Nota aan onderwysers:** Ten opsigte van mensehandel, ander magte en mense in beheer, is dit belangrik om dit op te volg met ’n bespreking. Keuses wat andere kan seermaak sluit in om te kies teen ’n mensehandelaar wat vir jou sê dat hy/sy jou sal seermaak as jy nie doen wat hy/sy sê nie. Hoe maak jy dan ’n keuse? Kan ’n keuse goeie en slegte gevolge hê? Ja, dit laat die jeug besef dat mense hulle probeer beheer deur die waarheid tot hulle eie voordeel te manipuleer. Die manipulasie wat uitbuiters gebruik, kan veroorsaak dat ’n tiener dit kan bevraagteken of sy/haar keuse sleg of goed is. Die jeug mag dit dalk nie noem nie, maar dit is belangrik vir jou om te weet hoe om te reageer indien dit gevra word, veral as daar oor mense wat gesag uitoefen en ander wil beheer, gepraat word.

**Hersiening**
**Sê: Wat is ’n gevolg?** (Laat ’n paar antwoorde toe.) ’n *Gevolg* is die resultaat van ’n optrede of ’n keuse. Sommige gevolge is goeie gevolge, soos om op skool toegewyd te studeer en goeie punte te behaal. Ander gevolge is slegte gevolge. Dit is belangrik om hierby stil te staan en te dink oor die gevolge van ’n keuse voordat jy dit doen.

Bespreek die volgende vrae:

- Indien jy weier om gehoorsaam te wees aan jou ouers/voogde, wat kan die gevolge wees?
- Indien jy na jou ouers/voogde luister, wat kan die gevolge wees? (Nota aan onderwyser: In party gevalle kan ouers/voogde inderdaad hulle eie kind se handelaar wees.)
- Vertel van ’n oomblik toe jy ’n goeie keuse gemaak het en die goeie gevolg daarvan.
- Vertel van ’n oomblik toe jy ’n swak keuse gemaak het en die slegte gevolg daarvan vir jou of vir ander.

**Hersiening:**

**Sê: Wat is ’n droom?** (Laat ’n paar antwoorde toe.) Om ’n droom te hê beteken dat jy so graag wil hê dat iets moet gebeur, dat jy die heeltyd daaraan dink, dag en nag. Dit is iets wonderliks wat ons wil ervaar, die ideale persoon wat ons wil word, of iets goeds wat ons wil bereik.

Die naam van hierdie reeks is Droom Groot – om ’n insiggewende visie of doel vir jou lewe te hê. Jy kan kies om groot te droom. Hierdie keuse is een van die mees belangrike keuses wat jy in jou lewe kan maak.

Bespreek die volgende vrae:

- Hoekom is dit belangrik om ’n groot droom in jou hart te hê? (’n Droom help ons om na ’n beter lewe en goeie dinge te strewe, dit hou ons sterk, dit gee ons hoop, ens.)
- Hoekom dink jy dat die geleentheid om groot te droom jou sal beskerm teen mensehandelaars?
- Watter groot droom het jy in jou hart? Hoe kan die regte keuses jou help om die droom te verwesenlik?
- Dit maak nie saak wat jou droom is nie, sommige mense sal altyd wil keer dat jy dit verwesenlik, of dit van jou steel. Sonder om spesifieke mense te noem, bespreek verskillende maniere waarop mense al probeer het om jou drome te steel. Wat kan jy daaraan doen?

**Hersiening:**

**Sê: Hoekom is dit ’n belangrike droom om skool te voltooi en ’n opvoeding te kry?** (Laat ’n paar antwoorde toe.) Die beste manier vir ons om vir ’n beter en veiliger lewe voor te berei, is om skool te voltooi en ’n opvoeding te kry. Skool sal ons voorberei om belangrike goed te doen vir onsself, ons families en ons gemeenskappe.

Bespreek die volgende vrae:

- Hoe kan skool help om jou te beskerm teen seerkry? Om suksesvol te wees? (Jy leer, jy kan nie maklik bedrieg word nie, jy word opgevoed, ens.)
- Wat is sommige slegte gevolge wat jy kan ervaar indien jy skool vroeg verlaat? (Jou lewe is nie beskermd nie, dit kan jou weerhou daarvan om iets belangriks vir jou familie en gemeenskap te doen, kan veroorsaak dat jy maklik bedrieg word, ens.)

**Mensehandelverband:**

**Sê:** Die Droom Groot-sessies sal jou help om te leer hoe om veilig te bly en suksesvol te wees in die navolging van jou drome. Een van die maniere waarop hierdie lesse in Droom Groot toegepas kan word, is om jou teen mensehandel te waarsku. Vertel vir my wat jy dink “mensehandel” beteken.

Nadat die studente reageer het, gee aan hulle die amptelike definisie van mensehandel: “Die werwing, geheime huisvesting, vervoer, kosvoorsiening of die verkryging van ’n persoon:

- vir seks deur geweld, bedrog, dwang of waar die persoon onder die ouderdom van agtien jaar is.”
- vir arbeid of dienste, deur middel van geweld, bedrog, of dwang.”

Konstateer die volgende feite.

- Dwang behels dreigemente ten opsigte van fisiese of sielkundige skade.
- Enige kind onder die ouderdom van agtien jaar betrokke by betaalde seks is ŉ slagoffer van mensehandel.
- Mensehandel is gedwonge slawerny.
- Dit beteken om iemand te dwing om iets teen sy wil te doen.
- Slawe is nie vry nie.

**Sê:** Droom Groot sal jou leer wat mensehandel is en hoe om dit te vermy. Dit sal jou help om vry van mensehandel te wees deur veilig te bly en jou drome na te volg. Wat beteken dit om veilig te wees?
(Laat ŉ paar antwoorde toe.) As jy veilig is:

- is jy vry van fisiese skade en niemand kan jou bedreig nie.
- is dit moontlik vir jou om skool toe te gaan.
- maak niemand jou fisies, emosioneel of seksueel seer nie.

**Sê:** Dit is belangrik om in staat te wees om jou drome te verwesenlik, jou familie te help en skool te gaan.

Bespreek hierdie vrae:

- Hoekom is dit belangrik om jou familie te help? Wat is die beste manier om dit te doen? (Voltooi skool en kry ŉ graad 12-sertifikaat. Om opvoeding te kry, help jou en jou familie. As jy opgevoed is, sal jy beter werk kry en meer geld verdien. Jou kinders sal in ŉ gesonder huis opgroei.)
- Waarom is om skool te voltooi ŉ belangrike voorkomingsmiddel om nie blootgestel te word aan mensehandel nie?

**Sê:** Om ŉ slegte besluit te neem kan lei tot slegte gevolge. Keuses het gevolge. Hoe kan hierdie kennis jou beveilig teen mensehandel?

**Sê: Wat dink jy sover van hierdie afdeling van Droom Groot?**
Bestuur hierdie informele gesprek met die doel dat elke persoon ŉ kort bydrae of opinie kan gee. Dit is belangrik dat alle deelnemers kommunikeer en betrokke sal wees.

**Hersiening:**
(Wys konsepposter #1.) Keuses het gevolge.

- Hoe kan hierdie kennis jou beveilig teen mensehandel?

**Moenie mensehandel aanmoedig nie!**
**Vra:** Ons leer dat jou optrede keuses is en dat keuses gevolge het. Het jy geweet dat sommige van jou optrede kan eintlik mensehandel aanmoedig en toelaat dat dit voortgaan? Kan jy aan enige voorbeelde dink? (Laat antwoorde toe.)

Voorbeelde wat jy kan bespreek; pas dit aan ten opsigte van jou eie land en kultuur:

- Kyk na pornografie: Jy mag dink dat pornografie onskuldig is, maar baie volwassenes en alle kinders in pornografie is gedwing daartoe. Hulle is nie daar uit eie vrye wil nie. Dit

beteken hulle is verhandel. So as jy pornografie kyk of koop, wat beteken dit? Jy kan dalk iemand koop wat verhandel is. Jy kan mensehandel aanmoedig.

- As jy na ŉ bordeel gaan of ŉ prostituut huur: Baie volwassenes en ook kinders is gedwing in hierdie werksrigting. Hulle is nie daar uit vrye wil nie. Dit beteken hulle kan slagoffers van mensehandel wees. Dus as jy geld vir ŉ prostituut betaal, wat beteken dit? Jy kan iemand koop wat verhandel is. Jy kan mensehandel bevorder.
- As jy na ŉ fuifparty of ŉ ramparty met ontkleedanseresse gaan: Baie volwassenes en alle minderjariges wat eksotiese danse beoefen, word gedwing om dit te doen. Hulle is nie daar uit vrye wil nie. Dus is hulle ook slagoffers van mensehandel. As jy dus na ŉ partytjie met ontkleedansers gaan, wat beteken dit? Jy kan dan mensehandel bevorder.
- Aankoop van goedere of produkte deur slawe vervaardig: Bespreek eerlike arbeid, eerlike handel, produkte soos sjokolade en koffie wat soms deur volwasse slawe en kinders, ens. gekweek word. Watter idees het jy om die aankoop van hierdie produkte deur kinder- en volwasse slawe vervaardig, te vervang?
- Gedurende die vorige sessie het ons eerlike handel bespreek. Watter keuses maak jy as jy produkte koop wat gevolge vir volwasse slawe kan inhou? Hoe kan jy eerlike handel bevorder deur die koopkeuses wat jy uitoefen?
- Vra vir voorbeelde. Wat is die gevolge van hierdie aksies? Hoe help hierdie keuses om mensehandel aan te moedig?

Opsionele aktiwiteit vir "Moenie mensehandel aanmoedig nie!": Lei studente in ŉ bespreking van die volgende aanhalings en vra hulle dan om ŉ poster of kunswerk te ontwerp om een daarvan te illustreer.

"Wanneer jy ŉ keuse maak, kies jy die gevolge van daardie keuse."
- Lois McMaster Bujold

"Ons is vry om ons weë te kies, maar ons kan nie die gevolge wat daarmee saamgaan kies nie."
- Sean Covey

**Joernaalvrae vir Sessie 1**

Gee vir elke student ŉ joernaal (of notaboek) en ŉ pen of potlood om die antwoorde op spesiale vrae aan die einde van elke sessie neer te skryf. Indien die studente hierdie joernaal voltooi, sal dit hulle help om meer te dink oor hoe hulle eie lewens met Droom Groot ooreenkom. Vra die studente om hulle name in die joernale te skryf en viltpenne te gebruik om iets te teken wat sal voorstel wat hulle eie begeerte is waaroor hulle droom, om veilig te wees en eendag suksesvol te wees.

Skryf hierdie joernaalvrae voor die tyd op stukkies papier, op ŉ skryfbord of witbord sodat die studente dit in hulle joernale kan oorskryf. Vra die studente om elke opdrag bo-aan ŉ aparte bladsy te skryf, sodat hulle genoeg plek sal hê om hulle antwoord neer te skryf. Laat studente mettertyd hulle antwoorde vergelyk en dit in ŉ groep bespreek. Jy moet gedurende die besprekingstyd hulle baie aanmoedig. Gebruik tyd om aan te toon wat positief is omtrent elkeen se antwoord. Deel ook jou antwoorde op hierdie vrae vanuit die ervaring van jou eie lewe.

- Watter keuse in jou verlede sal jy nou graag wil verander?
- Watter vrae is goed om vir jouself te vra wanneer jy ŉ keuse moet maak?
- Het jy ŉ droom wat jy navolg? Hoe doen jy dit?
- Gaan jy skool voltooi? Wat kan jy nog doen om te leer hoe om jouself te help in die toekoms?
- Wat is die ergste gevolg wat jy al ervaar het van ŉ keuse wat jy uitgeoefen het? Die beste gevolg?
- Wat het jy omtrent keuses geleer wat jy vir jonger kinders kan vertel?
- Wat het jy gehoor, of weet jy omtrent mensehandel?
- Skryf twee feite neer wat jy vir jonger kinders omtrent mensehandel sal wil vertel.

**Nota aan aanbieders:** Besluit voor die tyd of jy die joernale van die studente aan die einde van die sessie gaan inneem of hulle gaan toelaat om dit huis toe te neem. Hou in gedagte dat sommige studente in traumatiese en selfs in mishandelde omstandighede woon. Hulle mag dalk hieroor in hulle joernale geskryf het. Indien ouers/voogde wat molesteerders of selfs mensehandelaars is hierdie joernale lees, mag hulle dalk daarop reageer. Jy sal moet voorbereid wees daarop – so ook die studente. Indien jy die joernale hou in plaas van om dit huis toe te stuur saam met die studente, vertel hulle vooraf dat jy dit gaan lees. Indien studente daaroor skryf dat hulle gemolesteer of selfs verhandel is, moet jy weet hoe om daarop te reageer. Kontroleer met jou administrateur aangaande plaaslike prosedures en wette ten opsigte van die aanmelding van molestering en mensehandel.

**Kuns-aktiwiteit: Inligting oor Mensehandel**

Deel viltpenne en posterborde uit aan studente. Laat hulle ŉ Inligting oor Mensehandel-poster ontwerp en hersien vorige posters (kyk na die inhoud vroeër in die kurrikulum). Stal die posters in die klaskamer uit. (Moenie nou al die hersieningsweergawe van die posters vertoon nie. Jy sal dit in sessie 6 gebruik.) Lees Mensehandel poster #1 en beantwoord vrae van die studente.

**Opdrag aan aanbieders alleenlik**

Die meeste van die jeug (en ook volwassenes) het geen idee hoe wydverspreid mensehandel is nie. Google “human trafficking” of “child trafficking” en die naam van jou land en stad/dorp. In die volgende sessie sal jy bespreek wat julle geleer het en ook wat die studente dink is die antwoorde vir omstandighede in jou kultuur. Oorweeg dit ook om ouer studente in hierdie ondersoek te gebruik.

# Sessie 2: Weet wie jy kan vertrou.

**Sessiedoelwitte:** Hoe kan jy weet wie om te vertrou? Wie is ŉ ware vriend? Watter waarde het jy vir ŉ ware vriend?

**Voorrade en lys van materiale:** Leiersgids, voorbeeld van ŉ vriendskapsraam wat deur die aanbieder gemaak is, kunspapier vir elke student, viltpenne, papier, penne of potlode

**Voorbereiding:** Maak ŉ vriendskapsraam. (Metode hieronder)

**Hersiening van sessie 1:** Laat studente in ŉ sirkel sit (in banke, op stoele, of op die vloer). Hersien elkeen van die hoofpunte van sessie 1: Wat is ŉ keuse? Wat is ŉ gevolg? Wat is ŉ droom? Waarom is dit belangrik om jou skoolloopbaan te voltooi? (Gebruik die konsepposter van sessie 1 om dit op te som.)

**Mensehandel: ŉ Werklikeslagofferstorie**

**Lees:** Lori (nie haar regte naam nie) is ŉ tiener wat in die VSA woon. Sy is ŉ burger van die VSA, het kollege-opleiding, en het ŉ vyfmaande-oue kind. Lori moes haar motor laat regmaak. Sy vra dus haar vriend, ŉ man wat ons Greg sal noem, of hy vir haar geld kan leen. Sy was steeds besig om dit stadigaan terug te betaal toe sy vir winkeldiefstal gearresteer is. Greg het ingestem om vir haar geld te leen, maar het gesê dat sy vir hom sal moet werk om dit sodoende terug te betaal.

So het Greg Lori gedwing om hom terug te betaal: Hy het haar foto aanlyn geplaas en haar na prostitusie-afsprake gestuur. Greg en sy kollegas het haar kind gehou, terwyl sy op haar prostitusie-afspraak was. Teen die einde van die dag moes Lori die geld wat sy so verdien het, vir hulle gee en dan het hulle haar kind vir haar terug gegee. Indien sy nie die geld aan hulle oorhandig nie, het hulle ook nie haar kind vir haar terug gegee nie.

Uiteindelik het die polisie vir Lori gearresteer. Toe sy haar storie aan hulle vertel en hulle die selfoonboodskappe wys om dit te bewys, het hulle ŉ vals afspraak vir haar gereël. Die volgende keer toe Lori die geld vir haar kind by Greg moes ruil, het die polisie hom en die ander mans in hegtenis geneem en ook Lori se kind gered. Greg en sy kollegas is aangekla van seksuele mensehandel. Lori het by Greg se vonnisoplegging gepraat. Die staatsaanklaer het gevra vir ŉ vonnis van vyf tot agt jaar tronkstraf, maar die regter was so geraak deur Lori se getuienis, dat hy Greg met twaalf jaar tronkstraf gevonnis het.

(Uit *Audacious* deur Diana Scimone, gebruik met toestemming)

**Sê:** Lori is ŉ gewone tiener net soos julle. Sy het gedink dat Greg haar vriend was. Sy het hom vertrou. Maar hy het haar verraai op een van die ergste maniere waaraan ŉ mens kan dink, deur haar as ŉ seksslaaf te verkoop. Die vermoë om te weet wie jy kan vertrou, is nie net belangrik

om jou teen mensehandelaars te beveilig nie, maar ook een van die belangrikste lewensvaardighede wat jy kan hê.

Bespreek:

- Hoe moeilik of maklik is dit vir jou om ware vriende te eien? Hoekom?
- Hoe weet jy as jy ŉ persoon ontmoet dat hy/sy ŉ ware vriend is? Kan jy dit eien op die manier hoe hy/sy lyk? Hoekom?
- Lees en bespreek hierdie aanhaling van ŉ lid van die geheime polisie in die VSA wat kinders en tieners uit mensehandel gered het:
  "Julle weet reeds dat daar mense is wat boos en manipulerend is. Julle hoor mense van hulle praat en julle weet hulle is daarbuite. Moenie dink dat hulle nie rondom jou is nie – in jou dorp of stad, naby jou skool. Moenie glo dat mensehandel nie met jou kan gebeur nie. Die meeste tieners wat ons red, het nie gedink dat dit ooit met hulle sal gebeur nie. Mensehandel kan met enigeen gebeur."
- As jy hierdie aanhaling lees, hoekom dink jy dat dit belangrik is om te weet wie jy kan vertrou?

**Aktiwiteit: Vriende-pantomimes (gebarespel/mimiek)**
**Sê: Wat beteken dit om ŉ vriend te wees?** (Laat ŉ paar antwoorde toe.) Dink saam met een of twee ander mense oor hoe jy jou vriende kies. Skep dan ŉ pantomime om te wys hoe jy ŉ vriend kies (i.e. ŉ gemeenskaplike belangstelling, hou van rugby/sokker). (Laat die studente ŉ paar pantomimes opvoer.) Skep nou ŉ pantomime om te toon na watter goeie kenmerke ons in moontlike vriende na moet kyk (i.e. betroubaarheid, aanmoediging, jou studies, ens.).

**Vertrou jou instinkte**
Lees en bespreek die aanhaling van ŉ student in Maatskaplike Werk wat graag met jeug wat in die proses van herstel van trauma of molestering is, wil werk:

> "Jy het instinkte wat vir jou vertel dat iets veilig of onveilig, gevaarlik of nie gevaarlik is nie. Jou instinkte lei jou sodat jy kan weet wie jou ware vriende is. Instinkte help jou ook om weg te bly van oneerlike mense en vriende en ook gevaarlike situasies soos mensehandel en molestering. Jou instinkte is ŉ beveiligingsmetode en ŉ deel van jou identiteit."

> "Mensehandelaars probeer om jou daarvan te weerhou om na jou instinkte wat jou bewus sal maak van bedreiging te luister, sodat hulle jou sover sal kry om te doen wat hulle wil hê jy moet doen. Mense wat optree asof hulle jou vriende is, kan dit ook doen. Dit word groepsdruk genoem. Jou vriende wil hê dat jy ook moet doen wat hulle doen. En hulle doen dit deur hulle handelswyse of om jou instinkte wat jou vertel dat wat hulle doen is onveilig en verkeerd, te ignoreer. Luister na jou instinkte. Hulle is daar vir jou beskerming."

- Hoe sal jy jou instinkte beskryf?
- Kan jy aan ŉ oomblik dink waar jou instinkte jou teen gevaar gewaarsku het? Was jou instinkte reg?
- Glo jy dat jou instinkte verkeerd is?

- Glo jy dat jou instinkte onbetroubaar is?
- Het jou vriende al ooit vir jou gevra saam te stem met iets wat jy geweet het verkeerd is?
- Hoe dink jy kan jou instinkte vir jou help onderskei tussen ŉ ware vriend en ŉ vals vriend?

**Sê:** Wanneer jy hoor iemand belowe jou iets wat klink asof dit te goed is om waar te wees, vra jouself:

- Is my instinkte besig om my te vertel dat hierdie persoon besig is om my te bedrieg?
- Voel ek bedreig deur hierdie persoon?

**Hersiening**

**Sê: Watter waarde het jy vir ŉ vriend?** (Laat ŉ paar antwoorde toe.) Mense kan hulself ons vriende noem, maar hulle mag dalk nie wees nie. Hoe weet ons dit? (Laat ŉ paar antwoorde toe.)

**Aktiwiteit: Vertrouelyn**

Laat almal opstaan. Laat hulle in hulle verbeelding ŉ lyn sien wat deur die vertrek strek. Een kant van die vertrek verteenwoordig "ja", terwyl die teenoorgestelde kant van die vertrek "nee" verteenwoordig. Die middel van die vertrek verteenwoordig "onseker". Vra nou die vraag: Elke student moet nou aan sy/haar beste vriend dink en dan na "ja", "nee" of "onseker" beweeg wanneer jy elkeen van die volgende vrae vra:

Keuse: Indien van die studente se beste vriende ook in dieselfde klas is, mag dit hulle verhoed om teenoor die klas en teenoor hulself die ware antwoord te gee. Jy kan dit dus ook ŉ private aktiwiteit maak. Laat die studente ŉ lyn trek op ŉ stuk papier, met die een kant wat "ja", die anderkant "nee" en die middel "onseker" verteenwoordig. Vra die studente om aan iemand wat hulle ken te dink, maar sonder om die naam te noem. Hulle moet dan op die papier die antwoorde merk soos jy die vrae stel:

- Behandel hierdie vriend jou met liefde en respek?
- Behandel hierdie vriend jou met liefde en respek – selfs wanneer hy/sy ŉ probleem het of gespanne is?
- Vertel hierdie vriend altyd vir jou die waarheid?
- Bemoedig hierdie vriend jou altyd?
- Help hierdie vriend jou altyd wanneer jy hulp nodig het?
- Beskerm of ondersteun hierdie vriend jou wanneer ander jou probeer skade aandoen?
- Tree hierdie vriend ooit as ŉ Droomdief op? Probeer hy/sy jou ontmoedig of jou van jou drome weghou?
- Sal hierdie vriend ook nes jy op al hierdie vrae antwoord? Hoekom?

**Aktiwiteit: Vriendkapsraam**

Die studente gaan nou ŉ "vriendskapsraam" maak. Deel kunspapier en viltpenne aan die studente uit. Laat hulle ŉ groot vierkant op die papier teken. Herinner hulle aan die eienskappe van ŉ ware vriend soos hulle sopas bespreek het. Vra hulle om nou ŉ paar van hulle goeie vriende, gebaseer op hulle bespreking, binne hierdie vierkant te teken. (Dit kan familielede of mense buite hulle familiekring wees.) Hulle kan hulself ook in die vierkant insluit as hulle wil. Hulle kan dan die tekening versier dat dit soos ŉ portretraam lyk. Laat ongeveer tien minute toe vir hierdie

aktiwiteit. As die tyd dit toelaat, laat die studente hulle werk vir mekaar wys en verduidelik hoekom hierdie mense ware vriende is.

Bespreek hierdie vrae:

- Noem een woord waarmee jy jou ware vriend sal beskryf. (Die student moet hierdie woord langs die tekening in hulle vriendskapsraam neerskryf.)
- Ware vriende is besorg oor jou. Wie van jou vriende is die meeste besorg oor jou? Hoekom? (Hulle moet nou ŉ hart langs die tekening van dié vriend in die vriendskapsraam teken.)
- Vertel, sonder om ŉ naam te noem, van iemand wat voorgegee het om jou vriend te wees.
- Het hierdie persoon jou bedrieg deur voor te gee om jou vriend te wees? Indien wel, hoe is sy leuen blootgelê?
- Hoe het hierdie persoon probeer om jou te verlei om iets slegs, of iets wat hulle wou gehad het jy moet doen, te doen?
- Het hulle probeer om jou droom van jou weg te vat? Hoe?

**Mensehandelverband**

Herinner die studente dat Droom Groot hulle sal help om beskermd en suksesvol te wees om sodoende hulle drome na te volg.

Bespreek die volgende vrae:

- Hoe lyk mensehandelaars?
- Hoe kan die feit dat jy jou ware vriende ken jou beveilig teen mensehandelaars?
- As iemand jou iets (soos ŉ selfoon of ŉ paar skoene) aanbied in ruil vir werk of seks, wat sal jy vir hulle sê sodat jy nie verhandel word nie?


Beklemtoon:

- Mensehandelaars kan soos enige persoon lyk – selfs soos ons vriende.
- Hulle stel hulself nie bekend as mense wat jou gaan bedrieg of seermaak nie.
- Hulle kan van enige ouderdom wees.
- Hulle kan ook bekende mense wees.
- Hulle kan ook skoolmaats wees – ŉ medestudent.
- Hulle is leuenaars wat sal probeer om jou te oortuig om eerder te doen wat hulle wil hê, eerder as wat goed of selfs die beste vir jou is.
- Hulle sal herhaaldelik vir jou leuens vertel en voorgee dat hulle jou vriende is.

**Aktiwiteit: Goeie, beter en beste verhoudings**

Elke student behoort ŉ joernaal met inskrywings van sessie 1 se vrae te hê. Herinner die studente daaraan dat om joernaal te hou ŉ belangrike onderafdeling van Droom Groot is. Dit sal hulle help om meer te leer en dit dan op hulle eie lewens toe te pas.

Teken die volgende figuur op ŉ witbord, skryfbord, of poster, sodat die studente dit in hulle joernale kan oorteken.



Die boonste punt verteenwoordig ŉ goeie vriend. Die studente kan daar die naam van ŉ goeie vriend, sowel as hulle eie naam invul. In die sewe ander blokke moet studente karaktertrekke, optredes, gedragspatrone of gesindhede wat hulle in ŉ vriend soek, neerskryf. Hier is voorbeelde daarvan wat jy kan byvoeg indien hulle dit nie noem nie: betroubaar, eerlik, ondersteunend, lojaal, gelykmatig, warm, liefdevol, pret om mee saam te wees (dit is altyd belangrik vir tieners), toegewyd.

Vra die studente wat die één ding is wat ŉ vriend sal doen wat die verhouding met jou sal vernietig. Beklemtoon aan hulle dat net soos goeie verhoudings op goeie karaktertrekke en gewoontes gebou word, slegte verhoudings veroorsaak word deur swak karaktertrekke en gewoontes, soos byvoorbeeld leuens vertel, bedrog, woorde wat seermaak, dwelmmisbruik, dwelmverkope, ens.

**Hersiening**
Wys nou konsepposter #2: Weet wie jy kan vertrou.

- Hoe kan hierdie kennis jou beveilig en bewaar teen mensehandel?
- Kan jy aan iemand wat jy ken dink, wat nie ŉ goeie vriend is nie? Hoekom dink jy so?
- Wat is onvoorwaardelike liefde? Hoe betoon vriende dit teenoor mekaar?

**Moenie mensehandel aanmoedig nie!**
Voor aanvang van die klas: Versamel voorbeelde van advertensies, musiek, TV-programme, video's van jou land wat die seksindustrie as betowerend voorstel.

**Sê:** Tydens die vorige sessie het ons oor maniere waarop ons onwetend mensehandel deur ons keuses kan aanmoedig, gepraat.

- Kan jy aan maniere dink waarop die hedendaagse media – musiek, video, rolprente en advertensies – mensehandel aanloklik laat lyk? (Laat antwoorde toe.)
- Wat in vandag se media laat die seksindustrie aanloklik voorkom? Tydens die vorige sessie van Droom Groot het ons geleer dat die meeste volwassenes en al die kinders wat in pornografie, prostitusie, ens. betrokke is, verhandel is. Wat sê ons dus van mensehandel indien ons die seksindustrie aanloklik voorstel?
- Wanneer jy na hierdie soort advertensies kyk (wys die voorbeelde wat jy saamgebring het), wat dink jy sê dit van ons kultuur? Hierdie mense mag dalk nie self verhandel wees nie, maar wat sê hierdie advertensies van die seksindustrie?
- Dink jy die seksindustrie is so betowerend soos wat hierdie advertensies dit probeer laat lyk?(Herinner die studente aan die mensehandel-slagoffers wat julle bestudeer het.)

- Watter moderne of sleng woorde in ons taal stel die seksindustrie aanloklik voor? In Engels is dit byvoorbeeld woorde soos *pimp* en *ho.* Hierdie woorde beteken in werklikheid "molesteerder" en "hedendaagse slaaf".
- Voor julle weer bymekaar kom, maak 'n lys van musieklirieke, video's , TV- of tydskrif-advertensies wat die seksindustrie aanloklik voorstel.

Opsionele aktiwiteit vir "Moenie mensehandel aanmoedig nie!": Lei die studente in 'n bespreking van die volgende aanhalings en vra hulle dan om 'n poster of kunswerk te ontwerp om een daarvan te illustreer:

> "Op die ou end sal ons nie die woorde van ons vyande onthou nie, maar die stilte van ons vriende"- Martin Luther King, Jr.
>
> "Stilte in die teenwoordigheid van die duiwel is van die bose. God sal ons nie onskuldig verklaar nie. Om nie te praat nie, beteken om te praat. Om nie op te tree nie, beteken om op te tree." – Martin Bonhoeffer

**Joernaalvrae vir Sessie 2:**
Jy moet hierdie joernaalvrae voor die tyd op aparte stukkies papier of op 'n swart- of witbord skryf sodat die studente dit in hulle joernale kan oorskryf. (Indien die studente hulle joernale na elke sessie huis toe neem, hou papier gereed om vir diegene te gee wat die joernale tuis vergeet het.) Laat die studente elke vraag op 'n aparte bladsy neerskryf, sodat hulle genoeg plek het om die vrae te beantwoord. Laat studente mettertyd hulle antwoorde vergelyk en dit in 'n groep bespreek. Jy moet gedurende die besprekingstyd hulle baie aanmoedig. Gebruik tyd om aan te toon wat positief is omtrent elkeen se antwoord. Deel ook jou antwoorde op hierdie vrae vanuit die ervaring van jou eie lewe.

- Het jy 'n "veilige" of betroubare volwassene in jou familie, skool, of gemeenskap met wie jy kan praat?
- Hoe weet jy wanneer dit die regte tyd is om die veiligheid van jou familie te verlaat?
- Soms sal jou familie jou aanmoedig om die huis te verlaat. Sal dit altyd die beste tyd wees?
- Watter van jou besittings beteken die meeste vir jou? Hoekom?
- Waaraan meet jy 'n persoon se waarde? Is dit wat die persoon doen, of is dit wie die persoon is? Hoekom?
- Wat kan jy doen om te keer dat jou drome nie van jou weggeneem word nie?
- Wat is die beste manier vir jou om mense wat jou iets aanbied in ruil vir werk of seks, te hanteer?

**Aktiwiteit: Feite oor mensehandel**
Aan die einde van sessie 1 is jy gevra om mensehandel in jou stad of land te ondersoek. Deel nou wat jy daaruit geleer het en wat jy dink behoort die antwoorde vir jou kultuur te wees. Deel hierdie statistiek en luister na die studente se reaksies daarop:

- 1,2 miljoen kinders in die wêreld onder die ouderdom van agtien jaar word elke jaar verhandel. (ILO)

- Die gemiddelde ouderdom van sekswerkers in die wêreld is elf jaar. Sommige is so jonk soos vier jaar.
- Beide meisies en seuns word verhandel.
- Wanneer 'n tiener wegloop, word hulle binne 48 uur daarna deur mensehandelaars genader.
- Mensehandel is die tweede hoogste onwettige industrie ter wêreld naas dwelms.
- Die beraamde jaarlikse wins in die wêreld wat deur mensehandel gemaak word, is 31.6 dollar. (ILO, UNGIFT)
- Gedurende 2006 was daar slegs 5,808 vervolgings en 3,160 skuldigbevindings ter wêreld. (US State Departement TIP Report, 2007)

**Aktiwiteit: Mensehandelinligting**

Lees Mensehandel-inligtingposter #2 en beantwoord vrae wat die studente mag hê.

# Sessie 3: Jy is uniek, waardevol, en liefde werd.

**Sessiedoelwitte:** Hoe weet jy dat jy waardevol is? Veroorsaak foute en swak keuses dat jy minder waardevol is? Wat is onvoorwaardelike liefde? Waar sal ’n veilige plek vir jou wees waar jy geliefd, gewaardeer en beskermd sal voel?

**Voorrade en lys van benodigdhede:** Leiersgids, mensehandel-inligtingsposter #3, konsepposters van sessies 1, 2 en 3, kunspapier, viltpenne, inkkussing (of verf of enigiets waarmee die studente ’n duimafdruk kan maak), joernale, papier, penne of potlode

**Voorbereiding:** Sien opdragte hieronder.

**Hersieningvan sessie 2:** Laat studente in ’n kring (in banke, op stoele, of op die vloer) sit. Gebruik ’n paar minute om die konsepposters van sessies 1 en 2 te hersien. Vra vir reaksies op die hoofpunte van sessie 2. Wat beteken dit om iemand te vertrou? Wie is ’n ware vriend? Hoe waardevol is jy vir ’n ware vriend?

**Mensehandel: ’n Werklikeslagofferstorie**

**Lees:** Benji se vel was eenmaal spierwit, sag en glad. Watter vierjarige s’n is nie? Maar dit was natuurlik voor die toue, pypband (“duct tape”) en die kettings hom vasgebind gehou het - lank voor die kameras, lank voor die kopers ingevlieg het vir die naweek, lank voor die dwelms, lank voor...

Klein Benji was te jonk om enigiets van daardie dae te onthou. Hy het nie sy familie, die reis na die meer en die kampeervakansie die vorige somer, die manier waarop hy afgedwaal het, onthou nie. Hy was te jonk om sy moeder se krete te onthou toe sy agtergekom het dat hy weg is. Haar desperate hulpgeroep... Die eindelose soektogte waartydens hulle niks buiten sy klein teddiebeertjie gevind het nie...

Atlanta was ver van die meer af. Die woonstel naby die lughawe was ligjare verwyder van normaal. Vir klein Benji was dit die nuwe normaal: die vrou wat gekliek-kliek het op die skootrekenaar in die hoek, pratende op haar selfoon en wat speel-afsprake vir hom reël, die mans wat soontoe gevlieg het om hom te sien, ander wat aanlyn betaal het vir die foto's van hom en al die afgryslikhede wat hy moes verduur. Die mans wat daar gekom het, het vir Benji soos normale mense gevoel.

Hulle het hom vertel dat hulle onderwysers, sportafrigters, jeugpastore en sakemanne was. Sommige het jonk genoeg gelyk om sy pa te wees; ander weer oud genoeg om sy oupa te wees.
Dag na dag, week na week moes Benji in die donker kamer bly. Sy wit velletjie het geelbleek geword. Steeds het hulle gekom. Dag na dag. Week na week. Die vrou het hom net genoeg kos gegee om aan die lewe te bly en dan en wan het sy die bloed van hom afgewas. Per slot van rekening, almal wil ’n skoon Benji hê. Hulle het baie geld vir daar melkwit velletjie betaal; vir Benji, die seuntjie in die venster.

(Uit *Audacious* deur Diana Scimone, gebruik met toestemming)

**Sê:** Mensehandelaars ag die mense wat hulle tot slaaf maak en verkoop as waardevol wanneer hulle geld vir hulle inbring. Die feit is dat elkeen van julle uniek, waardevol en liefde werd is. Dit is ŉ groot waarheid.

Bespreek die volgende vrae:

- Wat is jou eerste reaksie op die volgende stelling: "Jy is uniek, waardevol en liefde werd."
- Hoe kan jy glo dat die feit dat jy uniek, waardevol en liefde werd is ŉ verskil in jou lewe maak? In jou verhoudings? Hoekom?

**Aktiwiteit: Duimafdruk-bevestigings**
Deel kunspapier en viltpenne uit aan die studente. Laat elke student sy duim in die ink druk en ŉ duimafdruk in die middel van hulle papier maak. Daarna moet die studente net een feit wat hulle uniek maak bokant hulle duimafdruk skryf. Indien die studente mekaar goed ken, laat hulle op mekaar se papier skryf wat hulle dink hulle van mekaar hou of waardeer. As die studente mekaar nie goed genoeg ken nie, laat hulle op papier skryf wat hulle uniek, waardevol en liefde werd maak. Verduidelik dat elke persoon in die wêreld ŉ unieke duimafdruk het; nie twee persone s'n is dieselfde nie. Laat studente hulle duimafdrukke vergelyk om te sien dat dit verskil.

**Sê:** Net soos elkeen van julle ŉ unieke vingerafdruk het, net so is elkeen van julle uniek, waardevol en liefde werd. Wat julle almal geskryf het, is slegs ŉ klein voorbeeld daarvan. Elkeen van julle het ook julle eie spesiale drome en begeertes.

Laat studente hulle duimafdrukke weer vergelyk indien daar tyd is daarvoor.

Bespreek die volgende vrae:

- Vind jy dit maklik of moeilik om te glo dat jy uniek is? Waardevol? Liefde werd is? Hoekom?
- Hoe belangrik is dit vir jou dat ander weet dat jy uniek, waardevol en liefde werd is? Verduidelik.

**Hersiening**

**Sê: Hoe weet jy dat jy waardevol is? Veroorsaak foute en swak keuses dat jy nie waardevol is nie?** (Laat ŉ paar antwoorde toe.) Baie van ons leer moeilike lesse oor wie om te vertrou en oor hoe om goeie en wyse keuses te maak. Dikwels vertrou ons mense wat nie ware vriende is nie. Onthou dat as jy foute maak, maak dit jou nie minder waardevol nie. Jy is uniek (enig in jou soort), waardevol, en verdien om goed behandel te word. As jy ŉ swak keuse gemaak het en mense behandel jou sleg, kan dit baie moeilik wees om te onthou dat jy waardevol is. As jy kan onthou hoe waardevol jy regtig is, dat jy as ŉ persoon saak maak en dat jou drome saak maak, dan kan jy beter keuses in die toekoms maak.

**Bespreek die volgende vrae:**

- As jy ŉ swak keuse gemaak het en mense behandel jou sleg, kan dit baie moeilik wees om te onthou dat jy waardevol en liefde werd kan wees. Hoe behoort jy te reageer as dit gebeur?
- As jy nie glo dat jy uniek, waardevol en liefde werd is nie, watter verskil sal dit in jou lewe maak? In jou verhoudings?
- Watter keuses kan jy maak en watter besluite kan jy neem wat jou in ŉ veilige plek sal hou waar jy waardevol en geliefd sal voel?

**Hersiening:**
**Sê: Wat is onvoorwaardelike liefde?** (Laat ŉ paar antwoorde toe.) Onvoorwaardelike liefde beteken ŉ ander persoon bied jou aanvaarding, verwelkoming, warmte en respek ten spyte van wie jy is, wat jy gedoen het of wat met jou gebeur het. Onvoorwaardelike liefde kan jou veilig, waardevol en ook hoopvol ten opsigte van jou toekoms laat voel.

Bespreek die volgende vrae:

- Wat is voorwaardelike liefde? (Voorwaardelike liefde is wanneer iemand liefde of toegeneentheid aan jou bewys alleenlik wanneer jy aan sekere voorwaardes voldoen: jy het goed gedoen, jy het hulle plesier verskaf, jy het vir hulle geld of ander goed gegee, ens.)
- Wanneer het jy al voorwaardelike liefde ervaar?
- Wanneer het jy onvoorwaardelike liefde ervaar? Hoe is dit beter as voorwaardelike liefde?
- Wie het jou onvoorwaardelik lief?
- Op watter manier kan die onvoorwaardelike liefde van ander jou veilig, waardevol en hoopvol oor jou toekoms laat voel?

**Sê: Waar is ŉ veilige plek vir jou om liefde werd, waardevol en beskermd te voel?** (Laat ŉ paar antwoorde toe.) ŉ Veilige plek is waar jy onvoorwaardelike liefgehê word, waardevol en beskermd teen leed voel, terwyl jy opgroei en foute maak en daaruit leer. Dit is waar jy mense kan vertrou. Dit is waar jou drome en hoop as waardevol geag word en waar ander jou help om goeie keuses te maak, sodat jou drome kan waar word. ŉ Veilige plek kan ŉ fisiese plek of ŉ persoon, soos ŉ vriend by wie jy veilig voel, wees. Dit is waar jy onvoorwaardelik liefgehê word.

Bespreek die volgende vrae:

- Het jy ŉ veilige plek? Waar is dit?
- Hoe kan ŉ goeie vriend jou veilig laat voel?
- Wie help jou om goeie keuses te maak?
- Wie praat met jou oor jou drome en hoop?

**Mensehandelverband:** Herinner studente daaraan dat die lesse in Droom Groot hulle sal help om veilig te voel en om suksesvol te wees in die navolging van hulle drome.

Bespreek die volgende vrae:

- Hoekom dink jy maak baie mensehandelaars dat jy geliefd voel, optree asof hulle vir jou omgee en voorgee dat hulle jou vriend is? Hoe kan hulle hierdie benadering gebruik om jou te bedrieg en dan te verhandel of te verslaaf?
- Wat is sommige van die leuens wat mensehandelaars vertel? (Laat ŉ paar antwoorde toe.) Hier is sommige van die leuens wat mensehandelaars vertel:
  "Ek kan jou wys hoe om ŉ werk as ŉ kelnerin, ŉ model of ŉ kinderoppasser te kry."
  "Ek het geld om jou in die stad te laat skoolgaan."
  "Ek kan jou help om ŉ visum vir ŉ ander land te kry."
  "Jy sal jou familie help as jy na my luister."
  "Die geld wat jy verdien sal na jou familie toe gaan."
  "Ek het baie geld en ek wil graag vir jou ook gee."
  "Jou vriende het geld en mooi goed; hoekom nie jy ook nie?"
  "Jy help vir my en ek sal vir jou help."
  "Ek is regtig lief vir jou; is jy nie lief vir my nie?"
  "Jy kan my vertrou."
- Hoekom sal iemand wat liefde en vriendskap soek hierdie leuens glo?
- Hoekom sal iemand wat nie waardevol voel nie hierdie leuens glo?
- Hoe kan die wete dat jy liefgehê word jou beveilig teen mensehandelaars?
- Hoe kan ŉ veilige plek waar jou drome lewend gehou word jou beveilig teen mensehandelaars?
- Mensehandel veroorsaak dat mense vir hulle lewens vrees, nie liefde werd en waardevol voel nie. Kan iemand wat verhandel is ooit veilig voel? Of geliefd en waardevol? Hoe? Ken jy enigeen wat dit kon doen? Indien wel, vertel ons daarvan.

**Aktiwiteit: Wees beskermd terwyl jy volwasse word.**

Elke student moet ŉ joernaal hê met inskrywings van sessie 1 en 2. Gee hulle ŉ kans om vrae te vra oor die konsepte of idees in hierdie of vorige sessies.

Bespreek die volgende vrae:

- Watter tekens toon dat jy besig is om volwasse te word? Hierdie kan fisiese, verstandelike of emosionele tekens wees. (Indien jy ŉ swart- of ŉ witbord het, skryf die antwoorde op die bord soos die studente dit opnoem.)
- Wie het jy in jou lewe om jou te help beskerm en advies te gee soos jy volwasse word?

Laat die studente ŉ groot stopteken op ŉ bladsy van hulle joernale teken. Vra hulle om een feit op die stopteken te skryf wat hulle aan ander sal vertel om hulle teen mensehandelaars te waarsku.

**Hersiening**

Wys konsepposter #3: Jy is uniek, waardevol, en liefde werd.

- Wat beteken dit om uniek te wees? En waardevol?
- Wat is meer waardevol – jy of ŉ paar skoene? Jy of ŉ selfoon?
- Hoe kan om die feit dat jy waardevol is jou teen mensehandel beskerm?

**Moenie mensehandel bevorder nie.**

Nota aan aanbieder: Maak die volgende deel gepas vir jou eie kultuur.

**Sê:** In elke sessie van die Droom Groot-veldtog praat ons oor maniere waarop jy onwetend mensehandel aanmoedig deur jou keuses en optrede. Vandag praat ons oor wat vir ons van waarde is.

- Dink julle ons waardes bevorder mensehandel? Kan ons waardes mense wat verhandel is, seermaak?
- Die meeste mense (maar nie almal nie) wat verhandel is, is vroue en jong meisies; party mans en seuns word ook verhandel, spesifiek vir arbeid. Wat sê ons kultuur oor vroue? En oor meisies?
- Word hulle waardeer? Is vroue net so waardevol as mans? Is meisies net so waardevol as seuns?
- Watter effek het mensehandel op vroue en meisies?
- Hoe voel jy hieroor?
- Dink jy vroue en mans is gelyk? Is meisies en seuns gelyk? Kan hulle verskillend wees maar tog gelyk? Wat beteken dit om gelyk te wees?
- Indien iemand nie ŉ gelyke is nie, is dit reg om daardie persoon as ŉ slaaf te verkoop? Wanneer is dit reg om dit te doen? Wanneer is dit nie reg nie? (Dit is nooit reg om enigiemand as ŉ slaaf te verkoop nie.)
- Hoe kan jou oortuiging oor die waarde van vroue en meisies mensehandel moontlik maak?
- Indien jy oortuig is dat dit reg is om vroue en meisies te koop en te verkoop slegs omdat hulle nie so waardevol soos mans en seuns is nie, hoe moedig dit mensehandel aan?

Opsionele aktiwiteit vir "Moenie mensehandel aanmoedig nie!": Lei die studente in ŉ bespreking van die volgende aanhalings en vra hulle dan om ŉ poster of kunswerk te ontwerp om dit te illustreer.

> "Geregtigheid sal nie geskied voordat hulle wat nie geraak word nie net so woedend is as hulle wat verontreg word..."
> \- Benjamin Franklin
>
> "Mensehandel word vergemaklik deur aanvaarding."
> \- Linda Smith, stigter, Shared Hope

**Joernaalvrae vir Sessie 3**

Skryf die volgende joernaalvrae voor die aanvang van die sessie op strokies papier of ŉ swart-/witbord sodat die studente dit in hulle joernale kan oorskryf. (Indien studente hulle joernale huis toe neem na elke sessie, hou papier gereed om vir diegene wat hulle joernale vergeet het te gee.) Laat die studente elke vraag op ŉ aparte bladsy neerskryf sodat hulle genoeg plek het om die vrae te beantwoord. Laat studente mettertyd hulle antwoorde vergelyk en dit in ŉ groep bespreek. Jy moet gedurende die besprekingstyd hulle baie aanmoedig. Gebruik tyd om te beklemtoon wat positief is omtrent elkeen se antwoord. Deel ook jou antwoorde op hierdie vrae vanuit die ervaring in jou eie lewe.

- Mensehandelaars lyk baie selfversekerd dat hulle mense sal kry wat hulle drome sal verruil vir iets wat waardevol lyk maar nie werklik waardevol is nie. Hoekom lyk hulle so selfversekerd dat hulle daarin sal slaag?
- Hoe dink jy sal ŉ mensehandelaar met jou praat?
- Vir wie het jy onvoorwaardelik lief? Wie het vir jou onvoorwaardelik lief?
- Wat beteken *onvoorwaardelike liefde* vir jou?
- Hoekom is dit so moeilik om op hierdie manier lief te hê?
- Voel jy nou meer waardevol as wat jy gevoel het voor ons die les begin het? Hoekom?

**Aktiwiteit: Feite oor mensehandel**
Lees Inligting oor Mensehandel Poster #3 en beantwoord enige vrae wat die studente mag hê.

**Opdrag aan aanbieders alleenlik: Taakspan- of SAPD-gasspreker**
Nooi die plaaslike Suid-Afrikaanse Polisiediens of ŉ spesiale taakspan, indien daar een in jou dorp is wat mensehandel beveg, as gasspreker uit vir hierdie sessie of enige komende een.

**Navorsing**
Doen navorsing oor die verskillende soorte mensehandel vir jou volgende sessie. (Die hoofvorms is seksverhandeling, werksverhandeling en orgaanverhandeling.)

## Sessie 4: Wees geduldig, werk hard en wag vir die regte tyd.

**Sessiedoelwit:** Wat is geduld en hoekom is dit so moeilik om geduldig te wees? Hoekom is jou drome dit werd om voor te werk en wag? Wie kan jou help om sterk te wees terwyl jy geduldig is, hard werk en wag vir die regte tyd om jou drome te bewaarheid?

**Voorrade en lys van benodigdhede:** Leiersgids, Mensehandelposter #4, konsepposters van sessies 1, 2, 3 en 4, kunspapier, viltpenne, posterbord of groot velle papier, joernale, papier, penne of potlode

**Voorbereiding:** Berei jou eie doelstellings-aktiwiteit voor soos hieronder beskryf in "Skryf jou drome in woorde en werk daaraan om dit te bewaarheid." Jy kan byvoorbeeld beskryf hoe jy ŉ persoonlike opvoedkundige doel bereik het deur verskillende stappe te neem.

Teken ŉ leer op ŉ wit-/skryfbord of ŉ poster. Maak die sporte wyd genoeg sodat jy daar kan skryf. Noem die leer: "Skryf jou drome in woorde neer." Op elkeen van die laer sporte skryf jy een van die kleiner stappe wat jy geneem het om jou doel te bereik. Teken ŉ klein figuurtjie aan die een kant (iemand wat jou tydens jou reis aangemoedig het).

**Hersiening van sessie 3:** Laat die studente in ŉ kring in banke, op stoele of op die vloer sit**.** Hersien die konsepposters van sessies 1, 2 en 3. Hersien hierdie punte en vra die studente: Wat beteken dit om uniek te wees? Wat beteken dit om as ŉ persoon waardevol te wees? Wat beteken onvoorwaardelike liefde?

**Mensehandel: ŉ Werklikeslagofferstorie**

**Lees:** Maria was sestien jaar oud en het in Meksiko gewoon. ŉ Jongman het haar die wêreld belowe. Sy het die leuens geglo en saam met hom gegaan. Sy het egter in plaas van die beloofde droomlewe slegs pyn ontvang. Sy is verkrag, bedwelm en vir seks verkoop. Die man het die volgende gedoen om haar die skrik op die lyf te jaag vir indien sy sou probeer wegloop: "Hulle het ŉ paar liter petrol geneem en dit oor ŉ meisie uitgegooi." Maria het vertel: "Een van die mans het vir my gesê dat indien ek nie doen wat hy vir my sê om te doen nie, hy dieselfde met my sal doen. Ek wou wegkyk, maar hulle het my nie toegelaat nie. Selfs terwyl die meisie aan die brand was, het hulle haar aanhoudend geslaan en gelag asof hulle dit geniet waarmee hulle besig was."

ŉ Ander Meksikaanse meisie, Rosa, was net veertien jaar oud toe ŉ man haar ŉ goeie werk in die VSA aanbied. "My ouers wou nie toelaat dat ek gaan nie, maar ek het hulle omgepraat. ŉ Week later is ek ingesmokkel in die VSA deur Texas na Orlando, Florida. Die mans het vir my vertel dat my werk daaruit sal bestaan om seks met mans te hê vir geld. Ek het nog nooit vantevore seks gehad nie."

"En so het my nagmerrie begin. Aangesien ek nog ŉ maagd was, het die mans besluit om my te leer hoe om seks te hê deur my oor en oor te verkrag. Gedurende die volgende drie maande is ek elke vyftien dae na ŉ ander woonwa geneem. Ek kan nie vergeet wat gebeur het nie. Ek was ŉ ordentlike meisie in Meksiko. Ek het gereeld saam met my familie kerk toe gegaan. Ek wens net dat dit alles nooit gebeur het nie."

(Uit *Audacious* deur Diane Scimone, aangehaal met toestemming)

**Sê:** Hierdie is ware stories. Maria en Rosa is egte tieners net soos jy. Mensehandelaars maak daarop staat dat mense, sonder om dit versigtig te oordink, vinnige besluite neem. Hulle sê wat ook al nodig is om te sê om ŉ persoon weg te neem, belowe onmiddellike geld, werk en so meer. Dit is moeilik om geduldig te wees, hard te werk en te wag vir die regte tyd, maar dit alles is die sleutel om veilig te bly, jou drome te bereik en iets belangriks vir jou, jou familie en jou gemeenskap te doen.

Bespreek die volgende vrae:

- Wat dink jy van Maria en Rosa se storie?
- Watter leuens het die mensehandelaars vir hulle vertel?
- Hoekom dink jy het die meisies hulle geglo?

**Aktiwiteit: Rooi lig, groen lig**

Laat die studente aan die teenoorgestelde kant van die vertrek as jy staan. Gee opdrag dat hulle moet meeding om tot by jou te kom. As jy sê "groen lig", kan hulle na jou toe beweeg, maar wanneer jy sê "rooi lig" moet hulle stilstaan. Die laaste persoon wat ophou om te beweeg, is uit die speletjie. Laat hulle so doodstil staan vir ten minste 10-15 sekondes. As enigeen beweeg, is hulle ook uit die speletjie. Sê "groen lig" en "rooi lig" totdat een speler jou bereik, of slegs een speler in die speletjie oorbly.

Bespreek die volgende vrae:

- Was dit maklik om te stop en so stil te staan tydens die speletjie? Hoekom?
- In hierdie speletjie het die mees geduldigste persoon gewen. Dis die een wat die hardste gewerk het om doodstil te staan.
- Hoekom is geduld en harde werk so belangrik in die lewe?
- Watter dinge is daar wat werd is om voor te wag?
- Wat is daar wat werd is om hard voor te werk?
- Hoekom is drome dit werd om hard voor te werk en te wag?

**Sê: Hoekom is dit so moeilik om geduldig te wees?** (Laat ŉ paar antwoorde toe.) Een van die moeilikste lesse in die lewe om te leer is geduld.

- Hoekom is dit so moeilik om geduldig te wees?
- Kan ons deur geduldig te wees verbeter? Kan dit makliker word? Hoe?
- Hoe kan ongeduld en die begeerte om geld te verdien deur baie min werk dit makliker maak vir iemand om jou drome te steel? Watter ander dinge wat ons doen sal dit makliker maak vir ander om ons drome te steel? Verduidelik.

**Sê: Hoekom is jou drome die moeite werd om hard voor te werk en te wag?** (Laat ŉ paar antwoorde toe.) Jy sal baie styf aan jou droom moet vashou om dit veilig te hou. Jy sal jou skoolopleiding moet voltooi. Baie harde werk lê vir jou voor. Daarom sal jy baie vasberade moet wees en nie toelaat dat jy ontmoedig word nie.

Bespreek die volgende vrae:

- Vertel ons van ŉ tydperk waartydens jy baie hard gewerk het vir iets wat jy baie graag wou hê?
- Het jy ontmoedig geword gedurende die tydperk wat jy daarvoor moes werk? Verduidelik.
- Hoe kan jy keer om ontmoedig te word deur jou droom te onthou?
- Hoe kan mensehandelaars probeer om jou te bedrieg terwyl jy hard werk om jou droom te verwesenlik?

**Vra:** Wie kan jou help om sterk te wees terwyl jy geduldig is, hard werk en wag vir die regte tyd om jou drome te bewaarheid?

Bespreek die volgende vrae:

- Hoe kan jou gehoorsaamheid aan jou ouers/voogde en ouer bekende en betroubare volwassenes jou help om sterk te wees? Hoe kan hulle jou help om aan jou drome vas te hou en hard te werk om dit te bewaarheid?
- Hoe kan jy kinders en ander wat jonger as jy is, help om sterk te wees? Geduld? Hard te werk om hulle drome te bewaarheid? Hoe kan jy help om hulle te beveilig teen mensehandelaars?
- Hoe kan jou vriende jou help om geduldig te wees? Sterk wees? Hardwerkend? Toegewyd aan jou drome?
- Hoe kan iemand wat voorgee om jou vriend te wees jou ongeduldig maak? Sterk wees? Toegewyd aan jou drome?

**Mensehandelverband**

Geduld en vasberadenheid is noodsaaklik om te voorkom dat jy verhandel word. Dit mag dalk vir jou nodig wees om "nee" te sê vir die mense wat jou herhaaldelik probeer mislei. Jy sal dalk jouself moet handhaaf teenoor volwassenes wat nie geïnteresseerd is in jou of nie jou drome ondersteun nie.

- Wat ervaar ŉ jong persoon voordat hy/sy ŉ verhandelde slaaf word?
  1. Hulle glo die leuens van mensehandelaars.
  2. Hulle glo dat mensehandelaars hulle vriende is.
  3. Hulle eien nie die verskil tussen onvoorwaardelike en voorwaardelike liefde nie. Soms sê die mensehandelaars dat hulle hul liefhet, maar dit is die verkeerde soort liefde.
  4. Hulle verkies om die beloftes van die mensehandelaars te glo.
  5. Hulle is ongeduldig dat hulle drome moet bewaarheid word en wil nie wag vir die regte tyd om op te tree nie.
- Dink aan die stories oor Rosa en Maria wat ons aan die begin van hierdie sessie gelees het.
  1. Wat het hulle ervaar voordat hulle slawe geword het?
  2. Het hulle geglo dat die mensehandelaars hulle vriende is?
  3. Het hulle met hulle ouers, voogde of ŉ veilige volwassene gepraat?

**Aktiwiteit: Sit jou drome om in woorde**

Elke student behoort ŉ joernaal met inskrywings van sessies 1–3 te hê. Beantwoord die studente se vrae oor konsepte in of idees oor hierdie of die vorige sessies. Hanteer die joernaalvrae soos in die vorige sessies.

Die konsepte wat in hierdie sessie behandel word, sal vir die studente die belangrikheid toon of sal ŉ werklike geformuleerde geskrewe plan bevat oor hoe hulle hul drome kan bereik. Met ŉ geskrewe plan, ware vriende en ŉ ondersteunende tuiste saam met alles wat hulle tot dusver geleer het, sal dit makliker wees om hulself daartoe te verbind om hard te werk en geduldig te wees.

Laat die studente die leer-illustrasie in hulle joernale teken. Hulle moet aan die bokant van die leer ŉ doelwit (kort- of langtermyn) neerskryf. Dit is hulle droom. Laat hulle hardop ŉ dinkskrum hou oor watter hulle stappe hulle moet neem om hulle doelwitte te bereik. Verbind elkeen van dié stappe laer af op die leer met die doelwit.

Laat hulle aan die kant van die leer ŉ persoon teken wat ŉ afrigter of volwasse ondersteuner kan wees wat sal help met motivering en toegewydheid wanneer ongeduld en moedeloosheid ŉ probleem is. Vra die studente om die naam van daardie persoon op die bladsy in hulle joernaal te skryf. Herinner hulle daaraan dat om met ŉ volwasse motiveerder (ŉ ou vriend, ŉ betroubare bereik het, te gesels, is dalk noodsaaklik sodat hulle by hul plan om hulle drome te verwesenlik, kan bly.

**Hersiening**
(Wys konsepposter #4.) Wees geduldig, werk hard en wag vir die regte tyd.

- Wat behels die droom waarop jy wag en waarvoor jy bereid is om hard te werk?
- Op hoe ŉ manier is jy ongeduldig wanneer dit by jou droom kom?

**Moenie mensehandel aanmoedig nie!**
**Sê:** In elke sessie van die Droom Groot-veldtog praat ons oor maniere waarop ons onwetend mensehandel aanmoedig deur ons keuses, optrede en wat ons as waardevol ag.

- Wat is jou definisie van pornografie? (Herinner die studente aan Benji se storie in die vorige sessie.)
- Dink jy daar is ŉ verband tussen pornografie en mensehandel?
- Dink jy dat die vroue en kinders wat in pornografie verskyn dit gewilliglik doen? (Herinner die studente aan die eerste sessie: Die meeste volwassenes en alle kinders in pornografie word gedwing om dit te doen. Hulle is nie vrywillig daar nie. Dit beteken dat hulle verhandel is.)
- Wat beteken dit as jy na pornografie kyk of dit koop? (Jy koop iemand wat verhandel is. Jy moedig mensehandel aan.)
- Wat leer pornografie ons om van mans, vroue en kinders wat daarin voorkom, te glo? Wat leer dit ons van die waarde van die menslike lewe?
- Hoe het pornografie verander? Onthou julle toe ons oor ons kultuur se media gepraat het? Hoe het ons media verander? (Wat voorheen verbied is, is nou aanvaarbaar en belangrik.)
- Hoe het hierdie bespreking jou idees oor pornografie verander?

Opsionele aktiwiteit vir "Moenie mensehandel aanmoedig nie!": Lei die studente in ŉ bespreking van die volgende aanhalings en vra hulle dan om een daarvan met ŉ poster of ŉ kunswerk te illustreer.

"Jy kan kies om weg te kyk, maar jy kan nooit weer sê dat jy nie geweet het nie."
- William Wilberforce

"Wysheid is om te weet wat om volgende te doen; deugsaamheid is om dit te doen."
- David Starr Jordon

**Joernaalvrae vir Sessie 4**

Skryf die volgende joernaalvrae voor die aanvang van die sessie op strokies papier of ŉ swart-/witbord neer sodat die studente dit in hulle joernale kan oorskryf. (Indien studente hulle joernale na elke sessie huis toe neem, hou papier gereed om vir diegene wat hulle joernale vergeet het, te gee.) Laat die studente elke vraag op ŉ aparte bladsy neerskryf, sodat hulle genoeg plek het om die vrae te beantwoord. Laat studente mettertyd hulle antwoorde vergelyk en dit in ŉ groep bespreek. Jy moet gedurende die besprekingstyd hulle baie aanmoedig. Gebruik tyd om aan te toon wat positief is omtrent elkeen se antwoord. Deel ook jou antwoorde op hierdie vrae vanuit die ervaring in jou eie lewe.

Bespreek die volgende vrae:

- Beskryf ŉ tydperk toe jy moes geduldig wees om iets te kry wat jy regtig graag wou hê.
- *Volharding* beteken om aan te hou om hard te werk al voel jy selfs mismoedig. Wat wil jy graag hoor dat mense vir jou moet sê of vir jou moet doen wanneer jy mismoedig is?
- Is daar mense of omstandighede wat druk op jou plaas om skool vroeg te verlaat? Wat kan gebeur as jy onder hierdie druk ingee?
- Ken jy enigeen wat skool vroeg verlaat het en suksesvol is? Enigeen wat nie so suksesvol is nie?

**Opdrag aan aanbieders alleenlik:**
Jy het aan die einde van sessie 3 verskillende soorte mensehandel bestudeer. Deel met die studente wat jy geleer het. (Die hoofvorme is sekshandel, arbeidshandel en orgaanhandel.)

**Aktiwiteit: Inligting oor mensehandel**
Lees Inligting oor Mensehandel Poster #4 en beantwoord enige vrae wat die studente mag hê.

# Sessie 5: Jy is gebore om te vlieg. Moenie met minder tevrede wees nie

**Sessiedoelwitte:** Wat droom jy om eendag te word of om in jou lewe te doen? Wat of wie kan tussen jou en jou drome staan? Wie kan jou help om goeie keuses te maak sodat jy jou drome kan behou?

**Voorrade en lys van benodigdhede:** Leiersgids, Mensehandelposter #5, konsepposters vir sessies 1-5, joernale, posterbord of groot velle papier, papier, penne of potlode, kleeflint

**Voorbereiding:** Teken op posterbord of papier groot skoenlappervlerke en skryf bo-aan: “Ek is gebore om te vlieg.” Skryf dan binnekant of rondom die vlerke en voltooi elkeen van die volgende stellings:
My droom is _______ .
My droomspan is _______.
Ek is gebore om bo-oor die volgende hindernisse te vlieg om my droom te bereik _________ .

**Hersiening van sessie 4:** Laat die studente in ŉ kring sit, of in banke, op stoele of op die vloer. Gebruik ŉ paar minute om die konsepposters van die vorige sessies te hersien. Hersien die volgende vrae: Wat beteken dit om geduldig te wees? Hoekom is jou drome die moeite werd om voor te wag en om hard voor te werk?

**Mensehandel: ’n Werklikeslagofferstorie**
**Lees:** Toe Bill twee maande oud was, is sy pa oorlede. Sy moeder is oorlede toe hy ses jaar oud was. ŉ Tannie het na sy klein dorpie gekom en belowe om vir hom ŉ huis te gee, en ook dat hy sal kan skoolgaan in die hoofstad van Port au Prince, Haiti. Hy het saam met haar gegaan en geglo sy lewe sal nou regkom.

In plaas daarvan het Bill ŉ *restavek* – een van Haiti se kinderslawe geword. Bill het vir sy tannie, wat hom en haar familie molesteer het, gewerk. Hy het nie skoolgegaan nie. Hy het nie eers ŉ bed gehad nie. Hy het op die vloer geslaap en was die een wat eerste in die oggend moes opstaan en die laaste een om saans te gaan slaap. Hy was ŉ slaaf vir die familie – op sesjarige ouderdom.

Bill het ŉ droom gehad om ŉ tromspeler te word. Wanneer hy moes gaan water haal in plastiekhouers, het hy dit omgekeer en dan daarop gespeel asof dit tromme is. Eendag het ŉ non hom op die mark gekry en hom na die St. Joseph-tehuis vir seuns saamgeneem. Daar het hy ŉ woonplek gekry en kon ook skoolgaan. Die mense daar het hom ook aanmoedig om sy kunstalent te beoefen. Hulle het gereël dat hy aan die Universiteit van Duke in die VSA in ŉ spesiale program vir tromspelers kon gaan studeer. Uiteindelik het hy na Afrika gegaan, waar hy onder die beste tromspelers ter wêreld kon leer.
Hy is vandag nog steeds by hulle – ŉ wêreldklas tromspeler wat nou die direkteur van die St. Joseph’s Tehuis vir Seuns is. Hy is ook die mededirekteur van die tehuis se kunssentrum vir die gemeenskap en die Resurrection Dansteater van Haiti.

(Uit: *Audacious* deur Diana Scimone, gebruik met toestemming)

**Sê:** Dit is ŉ ware storie. Bill is ŉ ware persoon. Sy tannie het hom soos ŉ nikswerd laat voel, maar Bill het steeds geweet dat hy gebore is om te vlieg. Hy het ŉ groot droom in sy hart gehad. In sy geval was daar ŉ gelukkige einde – hy kon sy droom verwesenlik.

Bespreek die volgende vrae:

- Die naam van ons kursus is Droom Groot. Wat het jy tot dusver geleer oor die feit dat dit belangrik is om groot te droom?
- Wat beteken dit om gebore te wees om te vlieg? Hoe is jy gebore om te vlieg? En om groot te droom?
- Hoekom is dit so belangrik om nie met minder tevrede te wees nie?
- Op watter manier het Bill groot gedroom? Op watter manier was hy nie met minder tevrede nie?

**Aktiwiteit: Hindernisbaan**

**Sê:** Ons het geleer van mense wat probeer om ons weg te hou daarvan om ons drome na te streef. Het jy geweet dat jy dit aan jouself kan doen? Jou eie ongeduld en gebrek aan geloof in jou eie waarde as ŉ persoon kan jou drome ook steel. Noem goed wat jou van jou drome kan weghou. (ongeduld, luiheid of om nie hard te werk nie, ens.)

Soos die studente hierdie droomhindernisse opnoem, skryf jy elkeen op ŉ vel kunspapier en plak dit op stoele. (As jy nie stoele het nie, gebruik enigiets waaroor jy kan trap.) Plaas die stoele in ŉ reguit ry, die een na die ander, maar plaas hulle baie naby aan mekaar.

Staan langs die stoele en stap reguit daarlangs terwyl jy die studente vertel dat as jy hierdie dinge onthou, sal hulle leer om te vlieg: keuse het gevolge; weet wie jy kan vertrou; ens.

Gaan staan nou voor die eerste stoel en sê aan die studente dat indien hulle hierdie feite vergeet, hulle baie hindernisse sal ervaar wat hulle van hulle drome sal weghou. Staan voor die volgende stoel en sê aan die studente dat hulle gebore is om te vlieg; dat hulle gebore is om groot te droom en hulle drome uit te lewe. Tree dan oor die stoel na die volgende een en gaan so voort totdat jy oor al die stoele getree het. Onthou om elke keer te sê: "Jy is gebore om te vlieg. Jy is gebore om groot te droom en jou drome uit te lewe!"

As jy tyd het en dit veilig is vir studente om oor die stoele te klim, laat elke student dit doen terwyl hy/sy sê: "Ek is gebore om te vlieg. Ek is gebore om groot te droom en my drome uit te leef!"

**Hersiening**

**Sê: Wie kan jou help om goeie keuses te maak en jou drome te behou?** (Laat ŉ paar antwoorde toe.) Vroeër het die studente mense geïdentifiseer wat hulle onvoorwaardelik liefhet en wat hulle ware vriende is. Herinner hulle daaraan en dat ware vriende hulle opreg liefhet, net die beste vir hulle wil hê en dat hulle hul kan help om hulle drome te behou.

Bespreek die volgende vrae:

- Wanneer sal dit die regte tyd wees vir jou om “jou vlerke te sprei” en jou droom te verwesenlik?
- Wie sal jou toejuig wanneer jy jou drome verwesenlik?

**Aktiwiteit: Vlieg**

Deel kunspapier en viltpenne uit aan die studente. Gee opdrag dat hulle enigiets met vlerke op hulle papiere moet teken, bv. ŉ vliegtuig, ŉ skoenlapper, ens. Skryf “Ek is gebore om te vlieg.” bo-aan. Wys hulle jou poster met jou antwoorde as voorbeeld. Laat hulle dan binne-in of rondom die vlerke die volgende onvoltooide stellings neerskryf en dit voltooi:
My droom is ______________ .
My Droomspan bestaan uit __________ .
Ek is gebore om oor al hierdie hindernisse te vlieg om my droom ________ .

**Sê:** Wat is ŉ “droomspan” soos in die tweede stelling “My Droomspan bestaan uit ________ .” Hulle is ware vriende en familielede wat jou kan ondersteun en help om jou droom te bewaarheid. Maak langs daardie stelling ŉ lys van mense wat deel kan wees van jou Droomspan: mense wat jou kan raadgee, leer, omgee vir jou, jou ondersteun, en jou kan aanmoedig. Dit mag ŉ onderwyser of ŉ geestelike leier, ŉ sokkerafrigter, familielid, of raadgewer wees. Jy kan ook ŉ spesiale persoon insluit om te kontak indien daar iets slegs met jou gebeur of as iemand probeer om jou te verhandel.

As jy tyd het, laat die studente hulle vliegposters aan die klas wys.

**Sê:** Ons is gebore om te vlieg. Ons het vlerke wat dit moontlik maak vir ons om op te staan en ons drome te verwesenlik en so goeie goed na ons families en gemeenskap bring – vir elkeen vir wie ons omgee. Hierdie is nie fisiese vlerke soos die van ŉ voël of ŉ vliegtuig nie, maar mense wat ons ophef en aanmoedig om ons drome te verwesenlik. Met hulle hulp en deur self geduldig te wees, hard te werk en te wag vir die regte tyd, sal ons ons drome kan verwesenlik.

**Mensehandelverband**
Herinner studente daaraan dat Droom Groot spesiale lesse bevat wat handel oor hoe om veilig en suksesvol te wees terwyl jy jou drome navolg.

**Sê:** Jy kan veilig wees terwyl jy jou drome navolg. Om veilig te wees beteken nie dat jy niks moet doen nie. Dit beteken net dat jy altyd moet onthou wat jy geleer het.

Bespreek hierdie stellings:

- Dit is belangrik dat jy ŉ veilige volwassene identifiseer met wie jy altyd oor vrese of probleme wat jy in jou lewe mag hê, kan praat. Wie is daardie volwassene vir jou?
- Maak ŉ lys van die feite wat jy moet onthou sodat jy kan “vlieg”. (Keuses het gevolge, ens.)

Wat sal jy doen as jy verhandel of ontvoer word? Hoe sal jy ontsnap? (Baklei, moenie hoop opgee nie, vind ŉ uitweg, stel jou vertroue in ŉ persoon soos ŉ betroubare volwassene, ens.)

**Hersiening**

(Wys konsepposter #5.) Jy is gebore om te vlieg. Moenie met minder tevrede wees nie.

- Wat beteken dit om "te vlieg"?
- Wat is jou droom? Op hoe ŉ manier was jy met minder tevrede?
- Wat is jou droom?
- Watter goeie keuses kan jy maak om jou droom na te volg?

**Moenie mensehandel aanmoedig nie!**

- **Sê:** In elke sessie van die Droom Groot-veldtog praat ons van maniere waarop ons onwetend mensehandel aanmoedig deur ons keuses, optrede en wat ons as waardevol beskou.
- Wat leer jy van jou persoonlike deelname aan en aanvaarding van mensehandel?
- Hoe is jou optrede besig om te verander?
- Hoe dra daardie keuses daartoe by om jou droom na te volg?
- Hoe kan jou keuses iemand anders se vermoë om sy/haar droom na te volg beïnvloed? (As jy ŉ prostituut huur of na pornografie kyk, hou jy iemand gebonde aan slawerny en hulle kan dan nie hulle eie droom navolg nie.)
- Hoekom is dit belangrik om ander persone te help om hulle drome na te volg?

**Opsionele aktiwiteit vir "Moenie mensehandel aanmoedig nie!":** Lei die studente in ŉ bespreking van die volgende aanhalings en vra hulle dan om ŉ poster of kunswerk te ontwerp om een daarvan te illustreer.

"As jy regtig iets wil doen, sal jy ŉ weg vind. As jy nie wil nie, sal jy ŉ verskoning vind."
- Jim Rohn

"Kennis is die roete vanaf slawerny na vryheid."
- Frederick Douglass

**Joernaalvrae vir sessie 5**

Skryf die volgende joernaalvrae voor die aanvang van die sessie op strokies papier of op ŉ swart-/witbord neer sodat die studente dit in hulle joernale kan oorskryf. (Indien studente hulle joernale huis toe neem na elke sessie, hou papier gereed om vir diegene wat hulle joernale vergeet het, te gee.) Laat die studente elke vraag op ŉ aparte bladsy neerskryf, sodat hulle genoeg plek het om die vrae te beantwoord. Laat studente mettertyd hulle antwoorde vergelyk en dit in ŉ groep bespreek. Jy moet gedurende die besprekingstyd hulle baie aanmoedig. Gebruik tyd om uit te wys wat positief is omtrent elkeen se antwoord. Deel ook jou antwoorde op hierdie vrae vanuit die ervaring in jou eie lewe.

- Wat is jou droom? Hoe is jy gebore om te vlieg? (Antwoord deur van woorde of prente gebruik te maak.)
- Hoe kan jy seker maak dat jy beveilig is teen mensehandel wanneer jy jou droom navolg?
- Wie of wat staan tussen jou en die verwesenliking van die drome wat jy vir jou lewe het?

- Hoe sal jy kinders, tieners en jong volwassenes vertel dat hulle vry is om hulle drome na te volg en terselfdertyd veilig sal wees?

**Bespreek die volgende vraag:**

- **Wat is die verskillende maniere om mensehandel te beveg?** Skryf dit op ŉ skryfbord, witbord of ŉ poster. Deel dit in onder die volgende drie areas: voorkoming (onderrig in bewustheid soos die Droom Groot-veldtog), beskerming (redding, nasorg) en vervolging (verander wette, arrestasie en vervolging van mensehandelaars en kopers).

**Aktiwiteit: Inligting oor Mensehandel**

Lees Inligting oor Mensehandelposter #5 en beantwoord enige vrae wat die studente mag hê.

# Sessie 6: Neem standpunt in. (toewydingstyd)

**Sessiedoelwitte:** Hersien studiemateriaal en posters om die inligting oor mensehandel op te som; formele toekenning van sertifikate en armbande

**Voorrade en lys van benodigdhede:** Leiersgids, hersieningsweergawe van posters #1- 6 oor Inligting oor Mensehandel, konsepposters van al die sessies, toewydingsertifikate en Droom Groot-armbande, joernale, papier, penne of potlode

**Voorbereiding:** Teken en dateer die toewydingsertifikate vir al die studente. Vertoon die hersieningsweergawe van posters #1-6 oor Inligting oor Mensehandel (die weergawes met oop spasies)

**Nota aan aanbieder:** Pas hierdie les aan soos dit inpas by jou kultuur, die standaard van die gemeenskap en die ouderdoms- en ervaringsvlak van jou studente, spesifiek waar die inligting oor mensehandel betrokke is. Jou doel is nie om vrees aan te wakker nie, maar om studente toe te rus hoe om “ja” te sê vir hulle drome en “nee” vir mensehandelaars (en maats, ens.) en wie ook al druk op hulle uitoefen om hulle drome te laat vaar. Jy kan die gemeenskap uitnooi na die toewydingsdeel van hierdie sessie. Maak dit ŉ spesiale geleentheid, bedien verversings, ens., sodat die studente hulle vlerke en ander kunswerke van die vorige sessies, sowel as hulle armbande en toewydingsertifikate kan ten toon stel. Dit sal voordelig wees indien die Droom Groot-veldtog ŉ gemeenskapsprojek was.

Toewydings-armbande: As dit gepas is in jou kultuur, beveel ons aan dat jy silikon-armbande (soortgelyk aan die Livestrong-armbande) vir die geleentheid kry. Dit moet ŉ turkooiskleur wees, want dit is die Droom Groot-kleur. (Google “awareness bracelets” om bronne te kry.) Laat die volgende op die armbande druk: **Droom Groot 0800222777.** Laasgenoemde is die tolvrye nommer vir die Suid-Afrikaanse nood- en inligtingsnommer vir antimensehandel.

**Aktiwiteit: Hersien die scenario's**

Lees die volgende scenario’s aan die studente voor en bespreek die vrae. Nog ŉ opsie is dat die die studente die scenario’s kan uitbeeld/opvoer soos jy dit voorlees. Hulle moet dan beide die keuses en die gevolge uitbeeld.

**Scenario 1: Keuses het gevolge.**
Tia is elf jaar oud en het net begin belangstel in ouer seuns. Sy trek soos ŉ ouer meisie aan, steel klere in die winkels en van ouer vriende. Dit het tot woordewisselings met haar moeder gelei. Haar moeder probeer om haar te verbied om tyd saam met seuns deur te bring en die klere waarvan sy hou, te dra. In plaas daarvan om skool by te woon, het Tia tyd saam met ander tieners wat ook nie skoolgaan nie, deurgebring. Een van die vriende wou haar bekendstel aan ŉ jongman wat belowe het dat hulle baie geld kan maak.

- Wat het Tia nodig om te weet? (Keuses het gevolge, sy is gebore om te vlieg, ens.)

- Watter gevolge ervaar Tia reeds? Watter gevolge gaan sy ervaar indien sy voortgaan om slegte keuses te maak?
- Hoe laat haar swak keuses haar kwesbaar ten opsigte van mensehandelaars?
- As jy ’n vriend van Tia was, wat sou jy vir haar gesê het?

**Scenario 2: Weet wie jy kan vertrou.**
Thomas het onlangs ’n paar veranderinge ondergaan. Dit lyk asof hy nie meer tyd het vir selfs sy beste en mees intieme vriende nie. Hy het tyd begin deurbring saam met nuwe vriende – vriende wat dit geniet het om in die moeilikheid te kom, wat bekend was vir steel en om kleiner kinders te slaan. Hy het opgehou sokker speel en het begin met stokkiesdraai van sy skool. Hy en sy beste vriend, Martin, het beplan om eendag professionele sokker te speel en aan die universiteit hulle te bekwaam as regsgeleerdes. Hulle het mekaar gedurig aangemoedig om hulle gedeelde droom te verwesenlik. Maar Martin het gedurende die afgelope paar weke nie vir Thomas gesien nie. Thomas beplan nou om uit die skool te gaan en vir ’n nuwe vriend te gaan werk – ’n man wat hom belowe het dat hy baie geld gaan maak.

- Wat het Thomas nodig om te weet? (Wie sy ware vriende is, hy is gebore om te vlieg, ens.)
- Watter gevolge ervaar Thomas reeds? Watter gevolge kan hy ervaar as hy voortgaan soos hy nou doen?
- Op watter manier veroorsaak sy swak keuses dat hy blootgestel is aan mensehandelaars?
- Indien jy ’n vriend van Thomas was, wat sou jy vir hom gesê het?

**Scenario 3: Jy is uniek, waardevol en liefde werd.**
Sara het nooit geliefd en waardevol gevoel nie. Haar pa was ’n dwelmverslaafde en hy het Sara, haar suster, broer en haar moeder fisies gemolesteer. Haar moeder was altyd krities oor Sara en het haar selfs “lelik”, “lomp” en “dom” genoem. Sara se pa is oorlede toe sy net sewe jaar oud was. Daarna het Sara se moeder verskeie verhoudings gehad met mans wat haar en haar familie baie sleg behandel het – hulle selfs geslaan het. Nogtans was daar een van die mans wat Sara goedgesind was. Hy het haar herhaaldelike vertel hoe mooi sy is. Maar toe het hy haar verkrag. Sy was net twaalf jaar oud. Daarna het die man haar vertel dat hy vriende het wat haar graag sal wil ontmoet en dat hy ’n manier het waarop sy haar ma kan help om die familie te onderhou.

- Wat het Sara nodig om te weet? (Sy is uniek, waardevol, liefde werd, gebore om te vlieg, om te kan weet wanneer mense nie die beste vir haar wil hê nie, ens.)
- Hoe is Sara nou kwesbaar ten opsigte van mensehandelaars?
- Indien jy ’n vriend van Sara is, wat sou jy vir Sara sê? Wat behoort Sara te doen?
- Wat sal die gevolge vir Sara wees indien sy hierdie man wat haar ’n manier belowe het om haar moeder te help om die familie te onderhou, ontmoet?

**Scenario 4: Wees geduldig, werk hard en wag vir die regte tyd.**
Joe en Clara is die oudste van ses broers en susters. Hulle het elke dag skool bygewoon en dan na skool werk gesoek om geld, kos of voorrade vir die familie te verdien. Ten spyte daarvan dat beide Joe en Clara se ideaal was om eendag onderwysers te word, het Joe daaraan gedink om skool te verlaat om sy pa te help om die familie te onderhou. Hulle pa het hard gewerk om hulle familie te versorg, maar selfs met Joe en Sara se hulp het hulle soms vir ’n dag of twee nie kos gehad nie en kon hy net ’n kleinerige kamer in ’n ander gesin se huis bekostig vir hulle om in te

woon. Vir meer as ʼn maand kon nie Joe of Sara werk kry nie. Die eienaar van die huis waar hulle gebly het, het gedreig om hulle op straat uit te sit. Op ʼn dag het hulle deur die dorp geloop om werk te soek. ʼn Winkeleienaar wat hulle geken het, het vir hulle ʼn werksgeleentheid aangebied. Terwyl hulle die voorwaardes met hom bespreek het, het ʼn welgeklede dame na hulle toe gekom en ʼn aanbod gemaak vir werk in ʼn naburige dorp. Sy het hulle meer geld belowe as wat hulle gewoonlik per week verdien het! Nadat hulle haar van hulle familieprobleme vertel het, het sy liefdevol geglimlag en gesê dat as hulle hul broers en susters ook bring om saam met hulle te werk, kan hulle baie geld verdien om hulle familie te onderhou.

- Wat het Joe en Sara nodig om te weet? (Hulle moes geduldig gewees het, aangehou het om te werk so hard as wat hulle kan en gewag het vir die regte tyd, ens.)
- Hoe is Joe en Clara kwesbaar ten opsigte van mensehandelaars?
- Wat sou die gevolge gewees het indien hulle saam met die vrou na die nabygeleë dorp gegaan het? En as hulle hul broers en susters saamgeneem het?
- Indien jy ʼn vriend van Joe en Sara was, wat sou jy aan hulle gesê het? Wat moes hulle doen ?

**Sê:** Jy is gebore om te vlieg. Moet nooit met minder tevrede wees nie.

**Hersiening**

**Sê:** Wie is jou ware vriende? Is dit hulle wat jou help om jou drome te bewaarheid? Noem die name van hulle wat jou aanmoedig om geduldig te wees en hard te werk. Noem die name van daardie vriende vir wie jy regtig kan vertrou. Hoe dink jy sal jou lewe wees wanneer jy volwasse is en sommige van jou drome is bewaarheid?

**Aktiwiteit: Inligting oor Mensehandel**

Deel viltpenne uit en laat die studente individueel of in groepe die oop spasies by die hersieningsvrae van al vyf van die mensehandelposters invul. Kontroleer hulle werk deur die oorspronklike posters te gebruik om die regte antwoorde te vind.

**Mensehandelverband: Neem standpunt in**

Gebruik jou tyd om die posters oor inligting oor mensehandel met die studente te hersien. Moedig hulle aan om in hulle joernale notas af te neem (beklemtoon hoofpunte wat jy dink belangrik is).

Die volgende sal die studente help: 1) maak die Droom Groot-konsepte jou eie, 2) identifiseer en weerstaan pogings om verhandel te word en 3) beskerm ander teen pogings om verhandel te word.

**Moenie mensehandel ondersteun nie!**

**Sê:** In elke sessie van Droom Groot het ons gepraat oor maniere waarop ons mensehandel onwetend ondersteun deur ons keuses, optrede en wat ons as waardevol beskou.

- Hoe het jou begrip van jou rol in die ondersteuning van mensehandel verander deur jou keuses, optrede en waardes?
- Is daar enigiets spesifieks wat jy sal ophou doen as gevolg van jou nuwe begrip?
- Hoe het jou begrip verander ten opsigte van jou gesindheid teenoor seks? Teenoor vroue en teenoor meisies?

- Wat is jou oortuigings en waardes nou?
- Het jou vriende dieselfde waardes as jy?
- Jou waardes het verander as gevolg van die onderrig van Droom Groot. Het hulle s'n ook?
- Hoe gaan jy dit hanteer? Hoe sal jy hulle konfronteer?

**Opsionele aktiwiteit vir "Moenie mensehandel ondersteun nie**!": Lei die studente in 'n bespreking van die volgende aanhalings en vra hulle dan om 'n poster of 'n kunswerk te ontwerp wat een daarvan illustreer.

"Wat sal jy oor 'n jaar wens dat jy vandag gedoen het?"
- Anoniem

"Voortreflikheid is nie as gevolg van omstandighede nie. Voortreflikheid is hoofsaaklik as gevolg van bewuste keuses en dissipline."
- Jim Collins vanuit *Good to Great*

**Toewydingstoekenning-seremonie: Sê "nee" vir mensehandelaars en "ja" vir ons drome.**
Laat die studente hul voltooiing van Droom Groot vier deur 'n kort toekennings-seremonie aan die einde van die sessie te reël. Nooi mense uit die gemeenskap (familielede, onderwysers of verteenwoordigers van die skool, gemeenskapsleiers, ens.) om die projek bekend te stel en vier die belangrikheid van die studente se sukses. Vertoon die kunswerke en posters. (Die studente kan selfs 'n rolspel doen van een van die scenario's in sessie 6 as deel van die seremonie.)

Verduidelik aan die studente:

1. Die betekenis van om 'n eed af te lê of 'n belofte te maak.
2. Hulle toewyding sal wees om die vyf lesse wat hulle in Droom Groot geleer het te probeer onthou.
3. Hulle eed beteken om "nee" te sê vir mensehandelaars en "ja" vir hulle drome en einddoel.

Gee 'n turkooiskleurige Droom Groot-toewydingsarmband aan elkeen. Indien enigeen wat die seremonie bywoon reeds 'n armband het, laat hulle vertel wat dit vir hulle beteken het om die armband te kry en hulle eed te kon aflê.

**Opdrag aan aanbieders alleenlik**
Laat die aanbieders die verskillende maniere bespreek waarop hulle kan voortgaan om mensehandel in hulle dorp en land te beveg nou dat hulle Droom Groot voltooi het. Verwys na die maniere wat jy aan die einde van sessie 5 bepreek het. Vra die aanbieders of hulle daarvan sal hou om in die toekoms gereeld bymekaar te kom om mekaar te bemoedig.

Indien jou dorp nie 'n antimensehandeltaakspan het nie, kan die groep die begin van so 'n taakspan wees. Bespreek met die aanbieders verskillende maniere waarop hulle ander mense plaaslik ook betrokke kan maak in die geveg teen mensehandel, insluitende die SAPD, skole, maatskaplike organisasies, die geloofsgemeenskappe, media en ander. Vra die studente om ook hieraan deel te neem.

**Nota aan aanbieder**
Besluit of die studente hulle joernale kan huis toe neem wanneer die kursus klaar is.

# Toewyding

Ek verbind my daartoe...

- om wyslik te kies want elke keuse het ŉ gevolg.
- om te luister na die wyse woorde en liefdevolle bemoediging van ware vriende.
- om te glo dat ek uniek, waardevol en liefde werd is.
- om geduldig te wees en hard te werk om my drome te bewaarheid.
- dat ek gebore is om te vlieg en nooit met minder tevrede sal wees nie.
- om “nee” te sê vir mensehandel en “ja” vir my drome, doelwitte en einddoel.
- om bewus te wees dat ek onwetend mensehandel kan ondersteun.
- om altyd groot te droom.

Student: ______________________________

Aanbieder: ____________________________

Datum: ________________________________

## Evalueringsvorm vir aanbieders

Baie dankie dat jy die Droom Groot-program om kinderhandel stop te sit, onderrig het. Ons is dankbaar vir jou tyd en deskundigheid. Jy het baie lewens verander! Jou terugvoering en kommentaar sal ons help om die onderrigmateriaal te evalueer en dit vir die toekoms te verbeter. Vul asseblief hierdie evalueringsvorm in en stuur dit aan info@born2fly.org. Jy kan dit ook invul by www.born2fly.org.

Hieronder is ook ŉ evalueringsvorm vir studente. Ons wil julle aanmoedig om toe te sien dat hulle dit voltooi.

1. Waar het jy die Droom Groot-veldtogprogram aangebied? (dorp/stad en land)
   ______________________________________________________________

2. Wat is die naam van jou organisasie? ________________________________

3. In watter omgewing (skool, gemeenskapsentrum, kerk, ens.) is dit aangebied?
   ______________________________________________________________

4. Op watter datums? ______________________________________________

5. Hoeveel studente het dit by benadering bygewoon?
   ______________________________________________________________

6. Wat is die benaderde ouderdomme van die studente? ____________________

7. In watter taal het jy dit aangebied?
   ______________________________________________________________

8. Het jy ŉ geskrewe vertaling van die kurrikulum in jou taal gemaak?
   ____ ja; Watter taal? ____________________
   ____ nee
   ____ Die kurrikulum is reeds in jou taal beskikbaar.

9. Het jy die formaat van ses sessies soos in die kurrikulum gevolg?
   ____ ja
   ____ nee; ons moes dit aanpas volgens die tyd tot ons beskikking.
   Indien nee, hoeveel tyd was tot jou beskikking en hoe het jy dit aangepas?
   ______________________________________________________________

10. Het jy die metode van aanbieders wat eers die program aanleer en dit dan aanbied, gevolg?
   ____ ja
   ____ nee
   ____ Indien ja, hoeveel aanbieders het jy gehad?

11. Beskryf hoe die studente (en aanbieders) op die program reageer het.
____________________________________________________________
____________________________________________________________
____________________________________________________________
____________________________________________________________

12. Beskryf die reaksie van die aanbieders.
____________________________________________________________
____________________________________________________________
____________________________________________________________

13. Wanneer jy aan die studente in jou klas dink, hoe bewus was hulle ***voor*** Droom Groot van die vyf konsepte wat hulle geleer het (Keuses het gevolg, ens.)?
____ nie almal was bewus daarvan nie
____ hulle was hier en daar bewus daarvan
____ baie bewus

14. Hoe bewus was hulle ***na*** Droom Groot?
____ geensins bewus nie
____ hulle was taamlik bewus
____ baie bewus

15. Hoe bewus was hulle van mensehandel *voor Droom Groot?*
____ glad nie bewus daarvan nie
____ taamlik bewus daarvan
____ baie bewus daarvan

16. Hoe bewus was hulle van mensehandel na *Droom Groot?*
____ glad nie bewus daarvan nie
____ taamlik bewus daarvan
____ baie bewus daarvan

17. As ŉ aanbieder, hoe baie dink jy sal die Droom Groot-program jou studente help om nie verhandel te word nie?
____ glad nie bewus daarvan nie
____ taamlik bewus daarvan
____ baie bewus daarvan

18. Hoe bewus was jyself en die ander aanbieders van mensehandel voor Droom Groot?
____ glad nie bewus daarvan nie
____ taamlik bewus daarvan
____ baie bewus daarvan

19. Hoe bewus was jyself en die ander aanbieders van mensehandel na Droom Groot?

____ glad nie bewus daarvan nie
____ taamlik bewus daarvan
____ baie bewus daarvan

20. Deel asseblief enige stories van studente en/of aanbieders op wie die onderrig van die program ŉ impak gehad het.

______________________________________________________________________
______________________________________________________________________
______________________________________________________________________

21. Het jy enige idees of aktiwiteite bygevoeg wat ons met ander aanbieders kan deel?

______________________________________________________________________
______________________________________________________________________
______________________________________________________________________

22. Van watter deel van die program het jy gehou?

______________________________________________________________________
______________________________________________________________________
______________________________________________________________________

23. Waarvan het jy nie gehou nie? (Jy kan maar eerlik wees! Ons wil ŉ eerlike opinie hê sodat ons die program kan verbeter.)

______________________________________________________________________
______________________________________________________________________
______________________________________________________________________

24. Hoe kan ons Droom Groot verbeter?

______________________________________________________________________
______________________________________________________________________
______________________________________________________________________

Jou naam ______________________________________________
Jou titel ______________________________________________
Jou e-posadres______________________________________________

Weereens baie dankie vir die onderrig van Droom Groot. Ons is baie dankbaar. Jy kan ook die vorm by www.born2fly,org invul.

## Evalueringsvorm vir studente

Baie dankie dat jy deelgeneem het aan die Droom Groot-veldtog. Jou terugvoering en kommentaar sal ons help om die onderrigmateriaal te evalueer en dit vir die toekoms te verbeter. Vul asseblief hierdie evalueringsvorm in en stuur dit aan info@born2fly.org.

1. Waar het jy Droom Groot bygewoon? (dorp/stad en land)
   ______________________________________________________________

2. In watter omgewing (skool, gemeenskapsentrum, kerk, ens.) is dit aangebied?
   ______________________________________________________________

3. Op watter datums het jy dit bygewoon?
   ______________________________________________________________

4. Hoe oud is jy?
   ______________________________________________________________

5. Waarvan het jy gehou in die program?
   ______________________________________________________________
   ______________________________________________________________
   ______________________________________________________________
   ______________________________________________________________

6. Waarvan het jy nie gehou nie? (Jy kan maar eerlik wees! Ons wil regtig weet sodat ons dit kan verbeter.)
   ______________________________________________________________
   ______________________________________________________________
   ______________________________________________________________
   ______________________________________________________________

7. Hoe bewus was jy van mensehandel voor Droom Groot?
   ______ glad nie bewus daarvan nie
   ______ het iets daarvan geweet
   ______ was ten volle bewus daarvan

8. Hoe bewus was jy van mensehandel na Droom Groot?
   ______ glad nie bewus daarvan nie
   ______ het iets daarvan geweet
   ______ was ten volle bewus daarvan

10. Wat het jy geleer?
   ______________________________________________________________
   ______________________________________________________________
   ______________________________________________________________

11. Hoe sal Droom Groot vir jou en jou vriende help?

____________________________________________________________
____________________________________________________________
____________________________________________________________

12. Wat is jou droom?

____________________________________________________________
____________________________________________________________
____________________________________________________________

Jou naam ________________________________________
Jou e-posadres ________________________________________

Weereens baie dankie dat jy aan Droom Groot deelgeneem het! Ons is baie dankbaar!

# Aanvullende bronne

*Audacious*, deur Diana Scimone
www.born2fly.org

*Born to Fly (Vlieg-Vlinder-Vlieg)* en *Soaring Higher(Sweef Hoër)*, antimensehandelkurrikula vir jong kinders. Beskikbaar in verskeie tale.
www.born2fly.org

Diana Scimone's blog
'n Blog deur die president van Born2Fly, Diana Scimone. Dit sluit ook nuus en opgedateerde inligting in oor hoe om kinderhandel te stop.
www.dianascimone.com

# Vir meer inligting

Born to Fly International, Inc.
P O Box 664
Fort Mill, South Carolina 29716
USA
info@born2fly.org
www.born2fly.org

Ons webwerf het bykomende antimensehandelbronne beskikbaar en dit kan gratis in verskeie tale afgelaai word. *Droom Groot* is ons antimensehandel kurrikulum vir jonger kinders. Besoek ons webwerf vir meer inligting.

Al ons materiaal is gratis. Ons gee dit gratis weg sodat jy tieners en kinders in jou gemeenskap teen mensehandelaars kan beveilig. Ons kan dit slegs doen deur middel van die vrygewigheid van ons donateurs. As jy graag ʼn bydrae tot ons werk om kinderhandel te stop wil maak, kan jy dit op ons webwerf doen. Vlieg-Vlinder-Vlieg (Born to Fly) is ʼn 501c3 nie-winsgewende organisasie en alle donasies in die VSA is belasting aftrekbaar.